

JANUARIE | JANUARY 2016

Volume 18 | No 1

GRAAN SA GRAIN

AMPTELIKE GRAAN SA-TYDSKRIF/OFFICIAL GRAIN SA MAGAZINE



Besoek ons aanlyn

Visit us online



Saam boer ons vir die toekoms™

Landini

Landforce 125



**LANDINI LANDFORCE NOU BESKIKBAAR
MET NUWE TEGNIESE KENMERKE**



LANDFORCE 125, 88 kW

TIER 3

ENJIN OMGEWINGSTANDAARDE

DEURBRAAK
NUWE KENMERKE BRING NUWE RESULTATE



Landforce 125:

Nou ook beskikbaar met kajuit

Beskikbaar met basiese ratkas 12 + 12 met meganiese spoelkas (shuttle), en 16 + 16 kruiprat. Oopvloei hidrouliese sisteem lewer 66 ltr/min vloeitempo



Landforce 125:

Nou ook beskikbaar met kajuit

Ook beskikbaar met elektro-hidrouliese spoelkas (shuttle) 3 spoed kragkakel ratte en kruiprat standaard met 'n totaal van 48 vorentoe- en 16 truratte. Geslote hidrouliese sisteem lewer 90 ltr/min vloeitempo

Ander Kenmerke:

- Enjin karaktereienskappe met maks. wringkrug - beter werkverrigting
- Elektro-hidrouliese kragaftakker - maklike werking
- Kruiprat - gespesialiseerde take kan gedoen word
- Elektro hidrouliese skakeling van ewenaarslot - positiewe aanwending
- Elektro hidrouliese skakeling na 4WD - operateursgemak
- 'n Keuse van oop of geslote hidrouliese stelsel
- Tweespoed kragaftakker - veelsydigheid van die trekkers
- Uitstekende hyskrug - hanteer groot implemente



SIEN GERUS U NAASTE HANDELAAR VIR MEER INFORMASIE OF KONTAK:
HOOFKANTOOR: 011 914 1700, KAAPPROVINSIE: 060 987 0502, LIMPOPO /
MPUMALANGA: 079 211 2506, VRYSTAAT / NOORDWES: 082 879 9550,
KWAZULU-NATAL / OOS-KAAP: 082 907 4336

Webblad: www.argosa.co.za. Epos: landini@argosa.co.za



ARGO Industrial (Pty) Ltd.



Ontmoet ons medewerkers...

Piet Croucamp is gebore in die suidelike deel van Namibië, Keetmanshoop, maar het soos 'n rolbos landswyd grootgeword en uiteindelik aan HTS Windhoek matriek geskryf.

Sy aanvanklike studies was aan die Universiteit van Stellenbosch, maar hy het sy Meestersgraad aan die destydse RAU (nou Universiteit van Johannesburg) voltooi en 'n doktoraal aan die Universiteit van die Vrystaat verwerf. "Ek het uiteindelik by die Universiteit van die Noorde beland wat geboorte gegee het aan my akademiese loopbaan. Na vele omswerwinge het ek by die Universiteit van Johannesburg beland. Omdat my grootoupa se DNS (hy was 'n boer uit die suide van Namibië) steeds dikker in my are vloei as water, het skaapboerdery nog altyd iewers in my wese geskuil. Ek karring steeds daar, teen my beterwete, aan met Dorperskaap.

Piet het twee kinders: Lazelle (17) en 'n 13-jarige "rampokker", Schalk. In hierdie uitgawe behartig hy op **bladsy 26** ons kwartaallikse politieke ontleding.

Asof in 'n droom, het mnr Solomon Masango, die 2015 Graan SA/ABSA/John Deere Financial Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar, in ekstase toegekyk hoe sy splinternuwe John Deere 5403 MFWD-trekker, geborg deur John Deere Financial in vennootskap met ABSA, in Oktober 2015 op sy plaas afgelewer word. **ALZENA GOMES** (Graan SA) was ook daar en vertel in *Ledelandskap* op **bladsy 8** hiervan.



Kunsmispryse volg meestal internasionale Graanprystendense. Omdat daar groot internasionale graanvoorrade is, is pryse relatief laag en hou dit internasionale kunsmispryse onder druk. Die produksiekapasiteit van kunsmis in die wêreld is ook tans besig om vinniger toe te neem as wat die vraag toeneem, wat groter kunsmisvoorrade tot gevolg kan hê. Volgens **CORNÉ LOUW** (Graan SA) – op **bladsy 17** – kan al die bogenoemde faktore kunsmispryse onder druk hou.



Die jaarlikse Plaaspersoneel Ontwikkelingsdag wat deur Overberg Agri gereël word, het in September 2015 in die Wes-Kaap plaasgevind. Verskeie gassprekers het waardevolle inligting by hierdie sessies met 400 plaaswerkers gedeel. Daar is onder andere oor beroepsgesondheid en -veiligheid op die plaas gesels en die hantering van persoonlike finansies. **LIANA STROEBEL** (Graan SA) het meer vertel van die verskeie Graan SA-opleidingskursusse wat vir alle plaaswerkers in die Wes-Kaap beskikbaar is. Op **bladsy 27** gee sy terugvoer oor die dag.



Plaasveiligheid is jou eie verantwoordelikheid en geen beskermingsmaatreëls is 'n waarborg dat jy nie 'n slagoffer van 'n ernstige geweldsmisdad sal word nie. **PIETMAN BOTHA** (SA Graan/Grain medewerker) maan produsente om seker te maak dat jy 'n plan het van wat om te doen as daar 'n insident op jou plaas sou wees. Beskermingsmaatreëls gaan jou nie vrywaar van 'n insident nie, maar gaan die booswigte vertraag en/of jou waarsku om jouself voor te berei op dit wat kan volg. Meer daaroor op **bladsy 32**.



VOORPUNT



ESTIE DE VILLIERS, redakteur

Oupa Henry is dood sonder dat hy ooit die see gesien het – wat nog te sê oorsese lande! Hy was gelukkig en tevrede om net op die plaas te wees. My ma het na hulle troue die eerste keer vir my pa die see gaan wys. Selfs hý was op sy gelukkigste as hy net op die plaas kon wees. Pa het sommer fisies siek geword as hy vir 'n paar dae by iemand moes gaan kuier of met vakansie was. En as jy van vlieg gepraat het, het hy jou net 'n skewe kyk gegee.

Ek was bevoorreg om Indië aan die begin van Desember te kon besoek. Die bandevervaardiger BKT het 120 joernaliste van oor die wêreld genooi om hulle nuwe bandefabriek in Bhuj te besoek en 'n kongres in Moembaai by te woon. (Meer hieroor in die Februarie-uitgawe van *SA Graan/Grain*.)

Wat 'n ervaring! Wat 'n belewenis! Ek was al in Europa, maar Indië was 'n heel nuwe kulturele belewenis! Buiten dat die mense hulle eie unieke, kleurvolle kleredrag het, is hulle kos ook baie anders as die Westerse kos waaraan ons gewoon is. 'n Mens kry kerriegroente vir ontbyt, middag- en aandete en nou en dan 'n stukkie hoender of vis by. Dit is ongelooflik geurig en baie lekker, maar 'n plaasdogter wat van haar rooivleis hou, droom mos maar later van 'n sappige steak en 'n stuk biltong met geelvet! Dit is ook nogal 'n (skrikwekkende!) ervaring om in Moembaai te ry. (Gelukkig hoef ek nie self te bestuur het nie – ek sou 'n senuweewrak wees!) Die Moembaaiers glo nie aan flikkerligte nie. Die belangrikste "instrument" in die hele motor/bus/taxi/motorfiets is die toeter. As jy by iemand verby gaan, druk jy die toeter. As iemand te naby aan jou ry, druk jy die toeter. As jy wil draai, druk jy die toeter. En as jou toeter nie werk nie, het jy 'n probleem...

Moembaai het die ongelooflikste mooi geboue. Dit het, volgens ons toergids, die tweede meeste Art Deco-geboue in die wêreld. Daar is egter ook 'n skerp kontras: Jy ry verby superrykes se miljoen dollarhuise om net 'n entjie verder aan verby gehuggies (amper soos die plakkershuise in Suid-Afrika) te ry waar die mense 'n winkel aan die voor- of onderkant bedryf en agter (of bo-op) die winkel bly.

Vir my was een van die hoogtepunte van die toer die interaksie met die joernaliste van ander lande. Ons het mekaar omtrent oor-en-weer uitgevra oor ons lande van herkoms en spesifiek oor landbou in die vreemde lande. Persepsies is weerlê en vriendskapsbande is gesmee.

My voorneme vir die nuwe jaar is om uit my gemakssone te beweeg en meer oop te wees vir nuwe ervarings – soos met die reis na Indië.

Kyk uit vir Graangids

Saam met die uitgawe van *SA Graan/Grain* word die *Graangids*, 'n landbounaslaangids, versprei. Buiten kontakbesonderhede van insetverskaffers, word waardevolle inligting oor saad, geldsake en finansiële dienste, bemesting, werktuie en toerusting asook geïntegreerde plaagbeheer hierin gepubliseer. Dit is 'n handige publikasie om sommer voor in jou bakkie se paneelkissie of naby die foon te bêre.

Voorspoed vir 2016!

Groete!

Estie

MEDEWERKERS vir hierdie uitgawe

Pietman Botha, Piet Croucamp, Chris Dannhauser, Jannie de Villiers, Alzena Gomes, Tinashe Kapuya, Koos Kirsten, Hans Lombard, Corné Louw, Pieter Rademeyer, Ruth Schultz, Wandile Sihlobo, Gerrie Smit, Hendrik Smith, Liana Stroebel, Wayne Truter en Gerrie Trytsman



8



32



22



34

INHOUD | CONTENTS

JANUARIE/JANUARY 2016

GRAAN SA | GRAIN SA

- 8 Lede-landskap
- 10 Nuwe uitdagings wag

OP PLAASVLAK | ON FARM LEVEL

- 11 Wat is die waterhouvermoë van my grond?
- 15 **Graanmark-oorsig:** Uitbreiding van plaaslike perskapasiteit begin positiewe resultate oplewer
- 17 **Inset-oorsig:** Kunsmispryse onder die soeklig
- 22 **Conservation agriculture:** Integrated crop and pasture-based livestock production systems (Part 22)

AKTUEEL | RELEVANT

- 26 **Politieke ontleding:** Eienaarskap is fundamenteel tot bemagtiging

- 27 Goeie arbeidspraktyke en -verhoudinge in die kollig – Overberg Agri Plaaspersoneel Ontwikkelingsdag
- 28 **Graan SA/Sasol Chemicals (Kunsmis) fotokompetisie:** Kyk deur 'n gekleurde bril na landbou
- 30 Meer as 40 000 proewe wêreldwyd geplant om gewastegnologie te verbeter
- 32 Die kort en die lank van plaasveiligheid: Wees wakker, wees paraat, wees reg
- 34 Vennootskappe belangrik vir sosio-maatskaplike ontwikkeling op platteland
- 37 Protein Research Foundation celebrates a quarter-century of milestones

RUBRIEKE | FEATURES

- 4 **Graan SA Standpunt:** Die jaar van saamstaan om die bult uit te stap

POLITIEKE ontleding



PIET CROUCAMP, politieke ontleder

Eienaarskap is fundamenteel tot bemagtiging

In landboukring word dikwels gewonder of die regering 'n begrip het vir die gevolge wat beleidsontkeerheid vir effektiewe produksie en suksesvolle markontwikkeling inhou. Dieselfde twyfel wat betref die staat of regering se politieke en ekonomiese voornemens heers ook in die mynbou- en vervaardigingssektore van die ekonomie. Die enkele mees morbiede waarneming wat betref beleidsontkeerheid, is dat kapitaal-eienaars skugtig is om te draal in 'n omgewing waar alle rolspelers nie konformeer tot gekodifiseerde spelreëls nie.

Anders gestel: Waartoevoeging vereis bestendige omstandighede en voorspelbare gedrag van die belangrikste rolspelers. Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) is 'n uiters gekodifiseerde bloudruk, maar om komplekse of selfs onverstaanbare redes kan die lojaleit van die regering jeens die NOP met reg bevaagteken word.

Die probleem ontstaan waarskynlik alreeds in die konseptuele raamwerk van die NOP. Die regering se definisie van voedsel- en veiligheid verskaf heel moontlik fundamenteel van dié van georganiseerde landbou. So ook konsepte soos landelike veiligheid, ontwikkeling, bemagtiging en grondhervorming. Die gebrek aan konsensus wettig betref hierdie konsepte het waarskynlik te doen met kompeterende ideologiese.

Die staat beskou bemagtiging deur 'n lens van staatsintervensie en georganiseerde landbou verstaan bemagtiging as die natuurlike nagevolg van ekonomiese groei. Die praktyk is regter aan landbou se kant – veral as die relatiewe sukses van staatsintervensie gemeet word aan die resultate van bemagtigingsprojekte wat produsente op eie inisiatief onderneem.

Daar is 'n fundamentele verskil tussen die staat en die megabore se inisiatiewe. Dit is geleë daarin dat die regering nie die oordrag van bates as die belangrikste omgier van bemagtiging beskou nie. Die geskiedenis laat egter weinig illusies: Eienaarskap is fundamenteel tot bemagtiging.

In byna elke land in die wêreld waar eienaarskap en batebesit geëer is, is relatiewe welvaart en bemagtiging 'n gegee. In suksesvolle ekonomieë is die oordrag van eienaarskap wat betref bates, 'n eenvoudige, dog geregleerde transaksie en die vloei van kapitaal word bepaal deur die mark eerder as deur die teenwoordigheid of onvoorspelbaarheid van diverse risiko's.

Belangrikker egter, is dat bates – of die waarde wat akkumuleer as gevolg van die waarskynlike appresiasie in die waarde van bates – oorgedra word van een generasie na 'n volgende. Die eenvoudige bewys daarvan, is die feit dat in suksesvolle politieke ekonomieë byna elke generasie materiële beter af is as die voorafgaande geslag.

Die mensdom beleef, in algemene terme, ongekende voorspoed vis-à-vis hul voorgeslagte en eienaarskap is in die kern van daardie dinamika. Die Chinese ekonomie en die lewenskwaliteit van daardie land se mense het astronomies gegroei met die besef van hul politieke leierskap dat welvaart 'n markgedrewe verskynsel is.

Sonder ekonomiese groei is relatiewe of selfs absolute armoede 'n noodwendigheid; en kapitaalakkumulering (ekonomiese groei) vind slegs plaas onder omstandighede van mededinging en groei investering. Sonder bates, egter, is beide mededinging en groei blootgestel aan risiko's wettig onder meer geïnhibeerde groei insluit. Maar die belangrikste kenmerk van eienaarskap en batebesit is dat dit vertroue in bepaalde ekonomiese aktiwiteite rusteun; en die ewig van mededinging waarna markte behoort te streef, is geweldig afhanklik van vertroue.

Dit is die rede waarom die bemagtigingsprojekte wat produsente in Suid-Afrika self inisieer, byna altyd beter sal vaar as dié wat bemagtiging in die transaksie of ooreenkomst wees vir die staat. Die geforseer word deur die ideologiese intensies van die staat. Die kommersiële argitektuur van bemagtiging sal nooit tot wasdom kom sonder die oordrag van bates, eienaarskap en titelaktes nie.

Daaruit vloei 'n ander belangrike waarheid: Bemagtiging kan nie net een van die deelnemende partye bevoordeel nie. Daar moet ook bemagtiging in die transaksie of ooreenkomst wees vir die party wat die risiko's van die projek gaan dra. Wanneer produsente 'n meetbare geleentheid tot groei in 'n bemagtigingsprojek kan identifiseer, het hul deelname waarskynlik aansienlik meer integriteit.

Die vraag is nou, hoe word die regering of die staat oortuig van die waarde van bates en die oordrag van eienaarskap? Daar is geen twyfel nie dat die ANC 'n mate van wantroue jeens eienaarskap as 'n indikator van welvaart koester. Dit beteken nie dat arm Suid-Afrikaners dieselfde wantroue troetel nie.

Komersiële landbou en kapitaal-eienaars moet self die proses wat eienaarskap bevorder, dryf en bestuur. Produsente en die sakegemeenskap het aansienlik meer gesag as wat hulle besef – of wat hulle bereid is om te gebruik – in die onderhandel van bemagtigingstransaksies.

Gebruiksreg sonder eienaarskap gee nie alleen aan die staat onewewigtige mag oor die bemagtigde nie, maar skep of bevestig ook 'n feodale ingesteldheid jeens welvaart wat inisiatief en die bereidwilligheid om risiko's te neem, inhibeer. Dus, indien landbou bemagtiging enigins wil laat wortel skiet op 'n volhoubare basis, sal produsente dit self moet doen. Dit is 'n uitdaging, maar ook 'n geleentheid vir verdere welvaartskepping. ■

Januarie 2016

26

POLITIEKE ONTLEDING

26

- 5 Grain SA Point of View: The year of standing together to ascend the hill
- 5 Uit die Woord
- 7 Om die waarheid te sê...
- 7 Op die kantlyn
- 38 Wiele vir die plaas: Ford Everest: Die nuwe maatstaf in die SNV-mark
- 40 E-posse aan Grootneef: Hou die lemme skerp



Voorblad! Cover

Pannar se ultravinnige geelbasterpakket is 'n staatmaker.

EIENAAR/UITGEWER

GRAAN SA,
POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040
Tel: 086 004 7246
E-pos: www.grainsa.co.za

SUBSKRIPSIE EN VERSPREIDING

(ADRESVERANDERINGE): Marina Kleynhans
SA GRAAN/GRAIN, POBOS 88, BOTHAVILLE, 9660
Tel: 086 004 7246
E-pos: marina@grainsa.co.za

REDAKSIE

BESTURENDE REDAKTEUR: Johan Smit
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806
E-pos: johan@infoworks.biz

REDAKTEUR: Estie de Villiers
Tel: 081 236 0534 • Sel: 083 490 9449
E-pos: estiedv@mweb.co.za

REDAKSIONELE ASSISTENT: Elmien Bosch
Tel: 018 468 2716 • E-pos: elmien@infoworks.biz

GRAFIESE ONTWERP: Ashley Erasmus,
Infoworks Media Publishing
Tel: 018 468 2716 • E-pos: ashley@infoworks.biz

DRUKWERK: Colorpress
Tel: 011 493 8622

MASSAVERSPREIDING: Prosort
Tel: 011 791 0410

SPOTPRENTTEKENAAR: Frans Esterhuysen

ADVERTENSIEVERKOPE

KOLBE MEDIA – Kaapstad
Jürgen van Onselen
Tel/faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
E-pos: jurgenvo@iburst.co.za

GRAAN SA HOOFKANTOOR

Blok C, Alenti Office Park
Witheritstraat 457
Die Wilgers
Pretoria
0041

Tel: 086 004 7246
Faks: 012 807 3166

Besoek Graan SA by
www.grainsa.co.za of
skandeer dié QR-kode:



- Die menings van die skrywers van artikels in hierdie blad is hul eie en verteenwoordig nie noodwendig die mening van Graan SA nie.
- The opinions expressed by contributors are their own. They do not necessarily express the opinion of Grain SA.
- "Promosie-artikels" is betaalde artikels; terwyl "produk-inligting"-artikels feite kan bevat oor kommersiële produkte.
- 'Advertisorials' are paid articles; while 'product information' articles may contain facts on commercial products.

ALLE regte van reproduksie van alle berigte, foto's, tekeninge, advertensies en alle ander materiaal wat in hierdie tydskrif gepubliseer word, word hiermee uitdruklik voorbehou ingevolge die bepalings van Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr. 98 van 1978 en enige wysigings daarvan.

STANDPUNT POINT OF VIEW



JANNIE DE VILLIERS, uitvoerende hoofbestuurder/CEO

Die jaar van saamstaan om die bult uit te stap

Voor ek begin skryf het aan dié hoofartikel, het ek gaan nagaan wat ek alles in Januarie 2015 gereken het aandag moet kry en wat deurslaggewend sou wees. Het ek dit darem verkeerd gehad?! Ai, dit hou my maar nederig met al die voorspellings.

Die grondhervorming, biobrandstof en uitvoere van mielies na China het toe nooit bó kom dryf nie. Die koringbedryf is steeds na vele pogings nie omgedraai nie, maar darem op pad. Die droogte, swak ekonomie en chaos in die politiek het 'n stokkie voor al ons mooi drome kom steek.

As ek eksamen moes skryf, sou ek maar min punte gekry het, maar met die studentestroke deesdae sou hulle my seker in elk geval deuresit het en my toekomstige werkgewer sterkte toegewens het. Tog was daar darem vordering met sake soos die herstrukturering by Agri SA, die rekord sojaboones ten spyte van die droogte en die graanprodusentontwikkelingsprogram se vooruitgang.

Graan SA is tans in die proses om scenario's op te stel van hoe erg die droogte kan wees. Met die lees hiervan, sal almal al beter ingelig wees oor wat om in 2016 te verwag. Dalk is dit die jaar waaroor ek gedroom het, waar daar dalk nie genoeg witielies in Suid-Afrika gaan wees nie – met meulenaars wat gaan bontstaan om hulle meliemeel wit te hou. Dit is dalk ook nie onrealisties om weer 'n mengsel geelmielie in 2016 te sien nie. Die nare gedagte wat my soms oorval, is dat die staat dalk in hierdie jaar kan besluit dat hulle die graanmark beter kan beheer as die vryemark en dan is beurtkos 'n realiteit.

Ons fondament dikteer egter iets heel anders! Ons kan niks verander deur ons te verdrink in slegte scenario's nie. Dit is juis wat ons onderskei van die webjoernaal- (blog) skrywers van ons land. Hulle wat net heeldag oor die swart kant van die lewe kan skryf en dit so besing dat mens dink dit is die enigste realiteit. Miskien is dit maklik om te voorspel dat dit 'n baie moeilike jaar gaan wees – produksiegewys en ook ekonomies. Die verkiesing kan dalk meer en meer geweld voortbring met hoë voedselpryse as die dryfveer.

Ons het 'n gebruik in die huis dat, as almal baie besig is, ons om die tafel te sit en mekaar weer daaraan herinner dat ons daar is vir mekaar en dat ons nie met mekaar moet besig raak nie. Dus gefokus bly met die regte doel voor oë.

2016 gaan ook 'n verandering in ons leierskapspan meebring met Louw Steytler (voorsitter: Graan SA) se aankondiging dat hy tydens Kongres 2016 gaan uittree. Na soveel jare en jare se diens aan georganiseerde landbou en sy medeprodusente (om nie eers van die duisende kilometers se ry na vergaderings te praat nie), wens ons Louw sterkte toe as hy weer gaan "begin" boer. Ons wat agterbly sal weer saam om die tafel moet sit en opnuut fokus.

Ek gaan nie hierdie jaar weer voorspellings waag nie, maar een ding is seker en dit is dat ons by Graan SA onself rat om die tuiste te wees vir ons lede op wie 'n moeilike jaar wag. Ons gaan saam met julle juig as die reën kom en saam met julle huil as die oes nie daar is nie. Laat 2016 dan die jaar wees van saamstaan om die bult uit te stap.

Voorspoed vir 2016 aan alle graanprodusente van Suid-Afrika! ■

“

Ek gaan nie hierdie jaar weer voorspellings waag nie, maar een ding is seker en dit is dat ons by Graan SA onself rat om die tuiste te wees vir ons lede op wie 'n moeilike jaar wag.

”

The year of standing together to ascend the hill

before writing this editorial, I looked back at what I wrote in the editorial of January 2015 about the issues I thought should be attended to and which were crucial. And did I have it wrong?! It surely keeps me humble regarding all the predictions.

Land reform, biofuel and exports of maize to China never even surfaced. The wheat industry, despite various efforts, still has not been turned around but fortunately is on its way there. The drought, poor economy and chaos in politics put a stopper on all our beautiful dreams.

If I had to write exams, I would not have received a good result, but with student mischief as it is nowadays, they would most likely have let me pass and wished my future employer all the best. However, there was some progress with matters such as the restructuring at Agri SA, the record soybean crop despite the drought and the advances with the grain producers' development programme.

Grain SA is currently engaged in drawing up various scenarios about how severe the drought can be. When reading this, all of us will be better informed about what to expect in 2016. Maybe it would be the year I have dreamed about, where there might just not be enough white maize in South Africa – with millers having to scurry about to keep their maize meal white.

Maybe it is not quite unrealistic to once again expect a blend of yellow maize meal in 2016. The unpleasant thought that sometimes clouds my thoughts is that government might in this year decide that it can better control the grain market than the free market and then food shedding is a reality.

Our foundation, however, dictates something quite different! We cannot change anything by drowning ourselves in bad scenarios. This is exactly what differentiates us from the blog writers of our country. They who constantly only write about the dark side of life and sing its praises to the extent that one thinks it is the only reality. Maybe it is easy to predict that it is going to be a very difficult year – production wise and also economically. The elections may bring about more and more violence with high food prices spurring it on.

We have a convention at home to, when all of us are very busy, gather around the table to again remind everyone that we are there for one another and that we should not get into each other's hair. Thus remain focused with the real goal in mind.

2016 is also going to bring changes to the leadership team with the announcement of Louw Steytler (chairperson: Grain SA) that he will be stepping down at Congress 2016. After so many years and years of service to organised agriculture and his fellow producers (not to even mention thousands of kilometers of travelling to meetings) we wish to extend our best wishes to Louw when he "starts" farming again. We who remain will once again have to gather around the table to renew our focus.

I am not going to make any predictions this year, but one thing remains certain and that is that we at Grain SA are gearing ourselves to be a refuge for our members on whom a difficult year is waiting. We will cheer with you when the rains come and will cry with you if there is no crop. May 2016 then be the year of standing together to ascend the hill.

May all South African producers have a prosperous 2016! ■

Uit die
WOORD

DS KOOS KIRSTEN



die ou jaar is verby en die nuwe het gekom. Saam met die nuwe jaar kom ook vrae soos wat hierdie jaar vir ons gaan inhou. Verlede jaar het ons interessante en ook moeilike tye beleef. Die somer het met 'n knellende droogte begin. Min lande is bewerk en geplant en diere is op groot skaal gevoer. Daarby wou die ekonomie van die land ook nie kop optel nie en die laaste kwartaal van die studiejaar is met protesoptogte en geweld afgesluit. Genoeg om 'n mens sommer swaarmoedig te maak, want wat gaan die nuwe jaar vir ons inhou?

Midde in hierdie moeilike en amper troostelose situasie, kom die evangelie met 'n heerlike troosryke boodskap. As alles om ons val en tot niet gaan, bly die beloftes van God vasstaan. Elkeen wat in Jesus Christus glo, sal nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe beërf (Joh 3:16). In die lig hiervan kan ons dan die woorde van ons Here Jesus in Joh 15:11 ter harte neem waar Hy sê dat as sy blydschap in ons sal bly, ons blydschap volkome sal wees.

Hoe is dit moontlik dat 'n mens in uiterste omstandighede tog nog bly kan wees? Hierdie blydschap is nie oor uiterlike en sigbare dinge nie. Dit kom nie omdat dit goed gaan met 'n mens nie. Dit kom van die Here Jesus self af omdat Hy ons red en salig maak. Hierdie blydschap is nie oppervlakkig en kortstondig nie. Dit word nie deur

allerhande omstandighede en selfs mense vernietig nie. Hierdie blydschap is diep gewortel. So diep dat Habakuk in 'n tyd van oordeel, oorlog en rampspoed kon uitroep: "Alhoewel die vyeboom nie sal bloei nie en aan die wingerdstok geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie – nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil." (Hab 3:17 en 18).

Hierdie selfde gesindheid kry ons by die apostel Paulus. Hy sit in die tronk in Rome en skryf 'n brief aan die gemeente in Filippi. In Filip 4:4 gee hy die opdrag aan hulle om hulle te verby in die Here. Hulle kon dit doen omdat hulle geloof gewortel was in die Here. Deur die geloof kon hulle verby die aardse dinge en ellende kyk en die heerlikheid van die Koninkryk van God sien. Hulle kon verder kyk as net dit wat hier en nou gebeur. As omstandighede jou lewe moeilik maak en jy terneergedruk voel en selfs wil boedel oorgee, rig jou oë, jou hart en gedagtes op die Here en kyk verby dit wat hier en nou gebeur. Kyk verby môre en oormôre, kyk verby droogte, rampe en ekonomiese ellende. Kyk na die ewige en leef vandag vanuit die ewige. ■

Wen 'n Bybel

Ook beskikbaar in Engels, Zulu en Xhosa.

Stuur 'n e-pos na estiedv@mweb.co.za of faks na 086 275 4157 voor die einde van die maand waarin die uitgawe verskyn en staan 'n kans om hierdie Bybel te wen.

bybelgenootskap van suid-afrika

Baie geluk aan Annatjie French van Stellenbosch wat vir die Oktober-uitgawe van SA Graan/Grain die gratis Bybel gewen het.



ROGATOR 700/1100



Die nuwe generasie van produktiwiteit

- Traksiebeheer – konstante aandrywing op al vier wiele.
- Doeltreffende AGCO POWER-enjins van 127 en 232 kW.
- Flexframe-onderstel – al vier wiele maak heeltyd grondkontak.
- 50/50-gewigverspreiding met lugsuspensie.
- Grondvryhoogte van tot 1,37 meter.
- Giftenke van 2 650 en 4 239 liter.

Vir meer inligting, skakel Robbie Hall by 082 611 1972,
Gary Halvorsen by 079 692 1478 of Hennie van der Walt
by 072 110 8225.



CHALLENGER is a worldwide brand of AGCO



Barloworld
Agriculture

Om die
WAARHEID te sê...



Graan SA wens elke graanprodusent sterkte en seën toe vir 2016. Mag dit 'n jaar wees waarin ons saamstaan om uitdagings te bowe te kom.

Grain SA wishes every grain producer strength and blessings for 2016. May it be a year in which we stand together to overcome challenges.

Op die **KANTLYN**

1 000 +

Die geskatte aantal mense wat op 27 November 2015 op NAMPO Park, Bothaville, 'n biddag vir Suid-Afrika en vir reën bygewoon het. Die geleentheid, wat deur Graan SA gereël is, is bygewoon deur produsente, plaaswerkers en besigheidsmense.

NB DATUMS IN 2016

2 en 3 Maart:

Graan SA Kongres op NAMPO Park

17 tot 20 Mei:

Graan SA se NAMPO Oesdag op NAMPO Park

1 en 2 Junie:

Die Agbiz-kongres in Somerset-Wes met die tema 'Fit for the future'

Gee gerus jón mening van die kantlyn af:



estiedv@mweb.co.za



083 490 9449



South African banks are not worried about possible defaults by farmers on loan repayments as a result of the drought.

At least three of the country's four biggest banks said while the effect of the drought could impact on loan repayments, their books remained healthy and were diversified enough to allow farmers to increase gearing levels slightly.

Agri SA has met with the banks to discuss farmers' loan repayment options with the effect the drought has on their crops and livestock. Agri SA executive director, Mr Omri van Zyl, said they wanted agricultural financiers to assist farmers to survive the drought through debt consolidation.

'Scenarios are increasingly pointing to a situation where significant imports of maize, as staple food crop, will become necessary, as well as the provision of fodder for breeding herds of livestock to be maintained,' Van Zyl said.



Scan for more information.



GRAAN
SAGRAIN

LEDE-LANDSKAP

'n 180°-blik op ons lede en tak-aktiwiteite



ALZENA GOMES, skakelbeampte: Graan SA

Groen is 'n wenkleur...

asof in 'n droom, het mnr Solomon Masango, die 2015 Graan SA/ABSA/John Deere Financial Nuwe Era Kommerisiële Boer van die Jaar, in ekstase toegekyk hoe sy splinternuwe John Deere 5403 MFWD-trekker, geborg deur John Deere Financial in vennootskap met ABSA, Vrydag, 30 Oktober 2015 op sy plaas afgelewer word.

Met die eerste mielieplantjies reeds aan die opkom op die plaas Brakspruit, wat deel vorm van die Ubuhle Uyazanzela CPA, het Masango, sy vrou, Christina, en die plaaswerkers weer eens hul

waardering uitgespreek vir die werk wat Graan SA in sy Ontwikkelende Landbouprogram en studiegroepe doen. Masango was in ekstase oor die jongste toevoeging tot die boerdery en het John Deere Financial nederig bedank en beloop om voortaan nog harder te werk om dit uit te brei.

Afgri Middelburg het die trekker afgelewer en terselfdertyd aan Masango 'n oorsig van die trekker se spesifikasies en vermoëns verskaf. As die naaste dienssentrum het Afgri Middelburg aan hom die nodige opleiding gegee om sodoende die beste uit hierdie wonderlike prys te haal. ■



- 1: Christina en Solomon Masango van die plaas Brakspruit. Solomon is in November 2015 as die 2015 Graan SA/ABSA/John Deere Financial Nuwe Era Kommerisiële Boer van die Jaar aangewys.
- 2: Alwyn Small (bestuurder: Kredietverkope en Bemaking, John Deere Financial), Christina en Solomon Masango en Jacques van den Berg (takbestuurder: Afgri Middelburg).
- 3: In met die nuut, maar nog lank nie uit met die oud nie. Solomon Masango is trots op al twee sy John Deere-trekkers.
- 4 en 5: Masango ontvang sy opleiding van Johan Botha (bemarcker: Heelgoedere, Afgri Middelburg).
- 6: Masango, sy bestuurders en plaaswerkers is vuur en vlam oor die werk wat nou wag.



Ons wens alle Graan SA lede en invorderingsagente
'n voorspoedige 2016 toe!



Ons sien met verwagting uit na die samewerking met ons vennote in die jaar wat voorlê!



www.grainsa.co.za



Nuwe uitdagings wag

ALZENA GOMES, skakelbeampte: Graan SA

Na 'n opwindende drie jaar in die graanbedryf, groet Graan SA mnr Willem Voogt (bestuurder: Bemaking en Finansies). Willem keer met ingang van Januarie 2016 terug na Megafreight Services, 'n internasionale lug- en seevrageagent – hierdie keer in die posisie van adjunk-besturende direkteur. Sy skuif vorm deel van die plan om die organisasie wat reeds suksesvol opgebou is, te bevorder en nuwe dinamika aan die besigheid te gee.

Van toe tot nou

Nadat hy sy BCom Rekeningkunde- en Honneursgraad in Finansiële Bestuur aan die Universiteit van Pretoria voltooi het, het Willem tot die logistieke bedryf toegetree en deelyds by die Chartered Institute of Management Accountants studeer. Hy het in September 2012 by Graan SA aangesluit.

“Die ondervinding wat ek by Graan SA opgedoen het, is van onskatbare waarde. In die werksaamhede van 'n bedryfsorganisasie is die waarde van mense in die sukses van die bedryf vir my uitgelig. So ook die belangrikheid van só 'n organisasie se werksaamhede in die breër politieke landskap van Suid-Afrika en sy graanbedryf,” het Voogt gesê.

“Willem het as jong man by Graan SA ingestap en ons oorweldig met hope energie, 'n verstommende kennis van finansies en 'n begrip vir die groter prentjie van die graanbedryf. Hy het in 'n baie kort tydjie groot respek afgedwing en het ons finansies op 'n nuwe platform neergesit,” vertel mnr Jannie de Villiers, uitvoerende hoofbestuurder.

“Willem het groot projekte soos die herkapitalisering van lede in die Landbou-ontwikkelingsprogram gelei om met eer ('n skoon oudit) uit die stryd te tree. Verder het hy die nuutgestigte Bemakingsafdeling gelei om 'n nuwe en innoverende benadering op die proef te stel

en in die proses die rekord invordering van die vrywillige heffing vir die 2013/2014-oes ook agter sy naam geskryf. Ons gaan hom beslis mis en weet dat ons nog iewers in die sakewêreld weer van hom sal hoor. Willem, jy is welkom om 'n draai by NAMPO te kom maak vir 'n koffietjie in die ledelokaal. Mooi loop tot dan!” het De Villiers afgesluit. ■

▼ Willem Voogt wat die graanbedryf onlangs vaarwel geroep het.



Verlaag die koste en verhoog die oes

Die elektriese motors wat besproeiingstelsels aandryf gebruik dikwels meer elektrisiteit as wat regtig nodig is omdat hulle meestal ontwerp is om teen maksimum kapasiteit te funksioneer, selfs wanneer dit onnodig is. Dit vermors elektrisiteit. Verstelbare Spoedaandrywers reguleer die spoed en wringkrag van die motor in lyn met die krag wat benodig word, en so kan die motor se energieverbruik met 20 tot 50% verminder word. Dan spaar jy elektrisiteit en geld. Gesels gerus vandag met een van ons Energie-Adviseurs en laat ons jou help om die doeltreffendste energieplan vir jou plaas of boerdery saam te stel.

Skakel ons Eskom Kontaksentrum op **08600 37566**
en vra dat 'n Energie-Adviseur jou skakel.
Vir meer inligting, besoek www.eskom.co.za/idm



Die dryfkrag vir jou wêreld



Wat is die waterhouvermoë van my grond?

PIETER RADEMEYER, Pannar Saad

Al sou die beste grondvogtoestande met planttyd heers, sal suksesvolle produksie sonder die aanvulling van vog deur óf reën óf besproeiing nie moontlik wees nie.

Dikwels word gevra hoeveel water 'n spesifieke tipe grond kan vashou, maar soos wat reën voorkom, vervaag die vraag en antwoord dikwels, want dan is dit irrelevant. In droër jare, soos hierdie seisoen, wat veral gepaard gegaan het met 'n droë voorjaar, word die vraag opnuut gevra.

Om die uitdrukking beter te verstaan, kan grond aan die hand van 'n spons gesien word. Sandgronde is meer soos 'n spons met groot gate, wat daarop neerkom dat water baie vinnig na die dieperliggende lae toe dreineer.

Kleigrond is meer soos 'n baie digter spons wat water kan absorbeer en vashou. Dreinerings vind baie stadiger hierin plaas, maar daar moet in gedagte gehou word dat waterindringing ook baie stadiger is as die geval by die spons met die groter ruimtes.

Daarom is kleigronde meer geneig om 'n hoër aflooptempo te hê, veral as dit met hoë intensiteit reën gepaard gaan. 'n Ideale grond sal iewers tussen hierdie uiterstes lê.

Daar is egter baie faktore wat bepaal hoeveel water 'n grond kan vashou. Van hulle is gronddiepte, kleipersentasie (tekstuur), kationuitruikapasiteit (KUK), infiltrasie- en aflooptempo, helling en kleur om maar 'n paar te noem. Die korrelasie tussen kationuitruikapasiteit, klei-inhoud en waterhouvermoë is goed binne 'n grondvorm, maar verskil tussen grondvorms.

Dikwels word op plase waargeneem dat sekere lande langer hou voor plante verwelking wys, maar op die oog af lyk dit asof die diepte en kleipersentasie van die lande dieselfde kan wees. Dit is interessant dat die waterhouvermoë van die meer swart grondsoorte met baie hoë klei-inhoude, soos die Rensburg- en Arcadia-tipes, baie minder verskil ten spyte van verskille in onder andere die KUK daarvan.

Die uitdaging om hierdie bepaling akkuraat te kan doen, lê eerder by die laer kleigrondsoorte. Kleipersentasie alleen kan nie gebruik word om akkuraat die waterhouvermoë van gronde te voorspel nie, maar dit is 'n goeie vertrekpunt.

Watertafelgronde

Watertafelgronde onderskei hulself van die res deurdat dit vir die produsent 'n groter plantvenster gee as gevolg van die addisionele

vog wat daarin voorkom as gevolg van die vermoë om vog op te gaar. 'n Watertafelgrond het 'n plintietkeerlaag in die ondergrond, wat dit vir water wat van bo-af infiltreer onmoontlik maak om na dieperliggende lae te dreineer. Die grond moet gesien word as 'n spons wat in 'n glasbak lê. Die water word gewoonlik in die grondprofiel opgegaar en sou daar 'n profielgat gegrawe word, sal jy opmerk dat daar na 'n paar minute vrywater in die gat vorm.

Hierdie tipe gronde word in veral die meer westelike en sanderige dele van ons land aangetref. Deur watertafelgronde korrek te bestuur, kan risiko op hierdie grond tot die minimum beperk word. Baie produsente bestuur hierdie grondvorms deur van oorlêstelsels gebruik te maak wat dan die reënvalopvangtydperk verleng met die doel om vog op te gaar. Hierdie bestuurstelsels gaan gewoonlik gepaard met stoppelbewerking, spoorverkeer of geenbewerking.

Die diepte van die bogrond sal dus die sukses van die gronde bepaal. 'n Te vlak bogrond kan aanleiding tot versuiping gee en te diep bogrond sal weer verhoed dat wortels die natter grond kan bereik. Die kapillêre styging vanaf die watertafel is gewoonlik in die orde van 80 cm op sanderige grondsoorte.

Limiete

As daar na grond gekyk word, kan plante grondvog basies tussen twee limiete opneem. Die onderste limiet van die grond word velwelkpunt genoem – dit is die punt waar grondvog só laag is dat plante nie genoeg water kan opneem nie en verwelking tree dan in. Die boonste limiet word veldkapasiteit genoem. Veldkapasiteit is die punt waar 'n spesifieke grond nie meer water kan opneem nie en afloop begin voorkom – dit kan omskryf word as die totale versadigingspunt.

Daar is plantverskille wat betref die onderste limiet van opname. Só sal sommige plante in staat wees om grondwater tot 'n laer onderste limiet te onttrek as byvoorbeeld wat die geval by ander is. 'n Voorbeeld is mielies en sonneblom. Sonneblom is in staat om in droogte die beste te kan oorleef, maar laat ook die grondprofiel baie droër as mielies.

Indien daar vir 'n besproeiingsprodusent gevra word hoeveel water benodig word vir 'n vol mielie-oes sal die antwoord tussen 650 mm tot 750 mm wees. Dit hang natuurlik af of dit in die droë, warm westelike dele is, of meer na die koeler oostelike gebiede.

Evapotranspirasie, verdamping en humiditeit sal hierin 'n rol speel. In baie gebiede reën dit met gemak 750 mm per jaar, maar opbrengste is nie so hoog soos onder besproeiing nie.



◀ 'n Voorbeeld waar 'n plintietlaag verhoed dat water na die ondergrond toe dreineer, as gevolg van 'n baie vinnige oorgang (plintietlaag). Die blou kleursel wys die vloei van die water deur die meer sanderige bogrond en horisontale vloei sodra dit die plintietlaag bereik. Hierdie laag kan in gevalle ondeurdringbaar wees. Dit gee oorsprong aan watertafelgronde.

Foto: David Hall, DAFWA

“Opgeboude grondvog met aanvang van die plantseisoen is die bepaler van sukses.”

Wat is die waterhouvermoë van my grond?

As dit by opbrengs kom, is dit eerder die verspreiding deur die seisoen wat op die einde die deurslaggewende faktor is.

Uit **Grafiek 1** kan duidelik gesien word dat die hoeveelheid water wat 'n grondsoort kan vashou, toeneem met 'n toename in klei-inhoud tot daar 'n sekere maksimum bereik word – (sandkleileem wat 20% - 35% klei is). Die plantopneembare water neem ook toe met 'n toename in klei-inhoud, maar soos wat dit na die hoë klei-inhoud van meer as 35% beweeg, begin die hoeveelheid water wat 'n plant kan onttrek stelselmatig minder word.

Dit word toegeskryf aan die klei wat die water so vashou dat die plantwortel die watermolekules nie van die kleideeltjies kan "aftrek" nie. Hieruit kan dus duidelik gesien word dat gronde met klei-inhoude van 20% - 35% die mees optimale is wat betref waterhouvermoë (uitgesluit watertafelgronde).

By die optimale punt is die plantopneembare water in die orde van 120 mm/m. Dit is 'n risiko om veral in die meer westelike gebiede met limiete wat neig na die onderste limiete gewasverbouing te doen. Opgeboorde grondvog sal die bepaler van sukses wees.

Daar moet ten alle tye daarna gestreef word om waterindringing (infiltrasie) die beste kans te gee. Die faktor wat die meeste invloed hier sal uitoefen, sal dus die toestand van die grondoppervlakte wees. Sekere kleigronde beskik oor sweleienskappe wat aanleiding gee dat die gronde se porositeit só beïnvloed word, dat waterinfiltrasie belemmer word.

Gronde wat losgemaak is, of wat 'n organiese bedekking het, sal uiteraard meer water kan opneem as wat die geval met 'n harde of kompakte oppervlakte sou wees.

Bestuurswenke


Opgeboorde grondvog met aanvang van die plantseisoen is die bepaler van sukses.

Dit sal raadsaam wees om te bepaal hoeveel vog in die grond voorkom – veral net voor planttyd. Daar moet voldoende vog in die grond wees om in die plant se behoefte in die nabye toekoms te kan voorsien. Daarom moet alle praktyke van só 'n aard wees dat dit grondvog sal opbou.


Hou in gedagte dat as die betrokke land nie braak was nie, daar beslis met 'n droër grondprofiel begin gaan word weens die droër voorafgaande jaar. Die westelike dele van die land is meer geneig tot langer droogtetydperke as die oostelike streke.

Ontkieming het 'n bepaalde hoeveelheid vog nodig om te kan plaasvind. Meestal sal sade by 25% van veldkapasiteit maklik ontkiem. Sandgronde het die vermoë om vinniger in die bogrond uit te droog en daarom moet daar deeglik besin word voordat geplant word.

Hitte met gepaardgaande winde kan die bo-grondvog vinnig uitput. Gronde met hoër klei-inhoude hou vog beter vas en stik van sade kom minder daarop voor as die geval van sandgronde.



Grafiek 1: Toeganklikheid van water by verskillende kleipersentasies.



Figuur 1: 'n Skematiese voorstelling van 'n grondprofiel.



Graan SA/Sasol Chemicals (Kunsmis) Fotokompetisie

Probeer sover moontlik om lande vry van onkruid en opslag te hou. 'n Groen skynsel op die land kan van 5 mm - 7 mm vog per dag uit die profiel laat verdwyn. Indien bewerk word, doen dit baie vlak om so min as moontlik vog te verloor.

Grond waarvan die bogrond los is, keer dat kapillêre verliese voorkom. Dit staan bekend as 'n grondkomers. 'n Chemiese bespuiting om onkruid of opslag te beheer, kan oorweeg word – veral waar stoppel op die bogrond behou wil word. Stoppel of 'n deklaag bewaar vog en moet liefies nie verstoer word nie.

Ken die gewas wat geplant gaan word se piekperiode vir vogopname – rondom blomstadium. Waar moontlik kan plantdatums só gekies word dat blomdatums saamval met die hoogste waarskynlikheid van reën. Dit kan uit die geskiedenis van noukeurige reënvalaantekeninge verkry word.

Alle grondbewerkingspraktyke moet daarop gemik wees om vog op te gaar. Hou skoffelbewerkings vlak. Seël die lande nadat daar op die rye 'n diepbewerking gedoen is – byvoorbeeld na 'n klipbewerking.

Benader die seisoen eerder aan die konserwatiewe kant. Aanpassing kan gemaak word aan die plantestand, bemesting en bewerkings. Raadpleeg kundiges in so 'n geval. ■

BAIE GELUK AAN TOPPRESTEERDERS!

Monsanto wens graag die volgende boere geluk met hul uitsonderlike prestasies:

Graanprodusent van die jaar:
Vickie Bruwer

Graan SA Nuwe Era Kommersiële Boer van die jaar:
Solomon Masango

Toyota se Jongboer van die jaar:
Anthony Goble

Landbouskrywers SA se Nasionale boer van die jaar vir 2015:
Piet Karsten van die Karsten Group

Landbouskrywers SA se Nuwe toetreder tot Landbou vir 2015:
Gugu Mhipa van Gauteng

Landbouskrywers SA se Landboukundige van die jaar 2015:
Prof Ben Cousins

Julle is almal voorwaar waardige winners en Monsanto hoop om nog lank te deel in jul **landbouprestasies!**

011 790-8200

customer@care.sa@monsanto.com
www.monsanto.com

MONSANTO



Monsanto is 'n geregistreerde handelsnaam van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

JHB TRACTOR SPARES
Specialists in replacement parts for
**FORD, FIAT, NEW HOLLAND
and MASSEY**
Tel: (011) 615-6421/677-2100
Fax: (011) 622-4311/616-5144
Email: jhbtrac@icon.co.za
www.jhbtractorspares.co.za

JANUARY 2016

MONDAY	TUESDAY	WEDNESDAY	THURSDAY
10:00 Kook klas saam Annelize	09:00 Nuwe Personal Trainer by Gym!	10:30 Naels en wax by Lucy's	09:00 Gym 11:00 Naaldwerk klas saam Marina
4 + Kry alles reg vir bak kompetisie	5 15:00 GROOT BAK KOMPETISIE	6 12:00 Spa	7 12:00 Lunch saam Rita 17:00 Pottery klas
11 * Koop baba present	12 09:00 Gym * Linda se baba tee	13 11:00 Naaldwerk klas	14 09:00 Gym 12:00 Henkbrae tint
18 Gaan koop nuwe rok vir boek klub aand.	19 09:00 Sonbed 10:30 Pedi 7 Mani	20 18:00 Boek Klub	21 10:00 Verf klas 12:00 Huur Afspraak
25	26 09:00 Gym	27 10:00 Masarek klas	28 09:00 Gym

FRIDAY	SATURDAY	SUNDAY
1 New Year's Day	2	3
10:00 Kook en ... by Magda	8 11:00 Huur Afspraak	9
15	16 15:00 Kaas en Nyn saam Martie	17
22 10:00 Kook klas 12:00 Lunch saam Rene	23	24
29 * Bak cupcakes vir Bazaar	30	31

Dames bederf jouself met meer vrye tyd.
Die nuwe John Deere 15FX reeks is hier.



Deere.co.za

GRAANMARK

– 2 Desember 2015

oorsig



WANDILE SIHLOBO, ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA en
TINASHE KAPUYA, hoof: Handel en Beleggings, Agbiz


Uitbreiding van plaaslike perskapasiteit begin positiewe resultate oplewer

Invuervanging is op die voorgrond in die Suid-Afrikaanse oliesaadbedryf. Dit word gerugsteun deur belegging in die uitbreiding van die plaaslike perskapasiteit (sojabone sowel as sonneblomsaad), wat tans op ongeveer 2,5 miljoen ton geskat word. Nietemin bly Suid-Afrika die grootste invoerder van plantaardige olie in die Suidelike Afrika streek en was vir 33% van die streek se totale plantaardige olie-invoere in 2014 verantwoordelik. Onder hierdie ingevoerde produkte is sojaboon-, sonneblom-, palm-, grondboon-, olyf- en klapperolie. In hierdie artikel kyk ons kortliks na die handelstruktuur van Suid-Afrika se plantaardige olies- en oliekoekinvoere ten einde die impak van die pas-gevestigde persaanlegte op ingevoerde volumes te evalueer.

Suid-Afrika se plantaardige olie-invoere

Onder die ses plantaardige olies wat ontleed is, was palmolie (palmptolie) die afgelope vyf jaar die grootste olie-invoerprodukt in Suid-Afrika en het 'n gemiddelde van 49% van die totale plantaardige

olie-invoere van 793 563 ton uitgemaak. Die voorste verskaffers van die palmolie was Indonesië en Maleisië, wat saam 'n 99%-aandeel in die totale invoervolume in 2014 gehad het. Die tweede grootste invoerolie was sojaboonolie, met 'n gemiddelde aandeel van 28%. Die voorste verskaffers van sojaboonolie aan Suid-Afrika in 2014 was Spanje, Argentinië, Nederland, Roemenië en Brasilië. Sonneblomsaadolie-invoere oor die afgelope vyf jaar het 'n gemiddelde invoeraandeel van 16% uitgemaak, met Roemenië, Nederland, Bulgarye, Portugal, Spanje en die Oekraïne as die voorste verskaffers. Klapperolie het 'n 5%-aandeel in Suid-Afrika se totale plantaardige olie-invoere uitgemaak, met Indonesië en Maleisië wat die voorste verskaffers was. Olyf- en raapsaadolie het onderskeidelik 'n gemiddelde invoeraandeel van 1% gehad, met invoere hoofsaaklik uit Spanje, Italië, Portugal, Griekeland en Frankryk. Minder beduidend onder die plantaardige olie-invoere was grondboonolie, met 'n jaarlikse gemiddelde aandeel van minder as 1%. Heelwat daarvan het uit Botswana, die Verenigde State en Nederland gekom.



Grafiek 1: Suid-Afrika se plantaardige olie-invoere.

Bron: Trade Map (2015)

GRAANMARK-OORSIG

Die grootste invoervolume is in 2012 aangeteken, met 840 173 ton. Feitlik die helfte hiervan (399 327 ton) was palmolie-invoere (sien **Grafiek 1**). Die skerp toename in invoere is hoofsaaklik aangedryf deur die toenemende vraag vanaf die kitskosbedryf en industriële verbruik. Suid-Afrika produseer nie palm- en klapperolie nie en die groot invoervolumes van hierdie produkte word waarskynlik deur inkomstevlakke en bevolkingsgroeï beïnvloed. Albei hiervan dui op hoër verbruik van olie. Dieselfde faktore het ook die groei in invoere van olyf- en raapsaadolie (kanola) aangevuur.

Suid-Afrikaanse oliekoekinvoere


Suid-Afrika voer steeds, as gevolg van 'n groot plaaslike vraag na veevoere, groot volumes oliekoek in. Hierdie vraag kom hoofsaaklik vanuit die groeiende vee- en pluimveebedryf, wat weer aangevuur word deur 'n toenemende vraag na hoë proteïenvoedsel – veral in die groeiende middelklas van die populasie. Die grootste invoere van oliekoek is dié van sojaboon, sonneblomsaad, klapper, katoensaad en palmpit. Dit is egter belangrik om te beklemtoon dat die invoer van hierdie produkte sedert 2012 as gevolg van die uitbreiding van die plaaslike persaanlegte afneem (sien **Grafiek 2**).

Die afgelope vyf jaar was sojaboonoliekoek die grootste invoerprodukt in die Suid-Afrikaanse oliekoekmandjie en het 'n gemiddelde aandeel van 77% (766 505 ton) uitgemaak. Die grootste verskaffer regdeur hierdie tydperk was Argentinië, met 'n marktaandeel van 99% in 2014. Katoensaadoliekoek was die tweede grootste invoerprodukt in die oliekoekinvoermandjie, met 'n gemiddelde aandeel van 11% (100 679 ton). Die grootste verskaffers was Zimbabwe, Malawi, Benin, Indië en Zambië. Die derde grootste invoerprodukt

was sonneblomsaadoliekoek teen 8% (83 811 ton). In 2014 was die voorste verskaffer van hierdie produk weer Argentinië, met 'n marktaandeel van 95% en totale invoere van 56 731 ton. Palmpitoliekoek het 'n gemiddelde invoeraandeel van 4% gehad, met Indonesië, Nigerië en Maleisië as die grootste verskaffers. Klapperoliekoek het 'n aandeel van 0,3% (3 163 ton) gehad, met Mosambiek en die Filippyne as die voorste verskaffers.

Invoervervanging in die olie- en oliekoek-produksement

Gegewe die struktuur en tendense in Suid-Afrika se oliesaad- en oliekoekbedryf is daar twee belangrike waarnemings wat die aandag trek. Eerstens, namate die aandeel van sojaboonolie-invoere in die oorhoofse plantaardige olie-invoermantjie tussen 2010 en 2014 vanaf 35% tot 21% gedaal het, het die aandeel van sojaboonolie-uitvoere oor dieselfde tydperk van 7% tot 53% gestyg. Intussen, soos die aandeel van sojaboonolie-uitvoere gestyg het, het die aandeel van sonneblomuitvoere vanaf 91% in 2010 tot 41% in 2014 gedaal. Oor dieselfde tydperk het Suid-Afrika van 'n netto uitvoerposisie na 'n netto invoerposisie vir sonneblomolie verskuif. Die verskuiwing in Suid-Afrika se oliehandelstruktuur kan 'n weerspieëling wees van die mate van vervanging van sonneblomolie met sojaboonolie in die oliesaadmandjie. Hierdie verskuiwing kan toegeskryf word aan die beduidende beleggings in bykomende verwerkingskapasiteit in die onlangse verlede, wat in 'n groot mate op sojaboonverwerking gemik was. Die perskapasiteit, wat sojaboon- sowel as sonneblomolie kan verwerk (dubbeldoel-kapasiteit), word op tussen 48% en 57% van die totale geïnstalleerde kapasiteit geskat.



Grafiek 2: Geselekteerde Suid-Afrikaanse oliekoekinvoere.
Bron: Trade Map (2015)

INSET

-oorsig



CORNÉ LOUW, senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA

Kunsmispryse onder die soeklig

Suid-Afrika voer deesdae om en by 80% van sy behoefte aan kunsmis in. Voor 1996 was die situasie presies die teenoorgestelde – toe kon ons plaaslik aan ongeveer 80% van ons eie behoeftes voldoen. Na 1999 het Suid-Afrika plaaslik opgehou ureum produseer. Nou word alle ureum en kaliumbehoefte ingevoer asook deesdae van die fosfaatbehoefte.

Dit bring mee dat kunsmis, graan- en oliesadeprodusente se grootste insetkostekomponent op invoerpariteit geprys word. Dit, terwyl plaaslike produsente meestal uitvoerpariteitspryse vir hul graan (veral mielies) verdien.

Hoe vergelyk plaaslike en internasionale tendense?

Met die groot hoeveelheid kunsmis wat ingevoer moet word, word verwag dat plaaslike kunsmispryse internasionale pryse sal navolg.

Tabel 1 toon internasionale kunsmispryse in dollarterme oor 'n jaartydperk aan. Uit Tabel 1 is dit duidelik dat meeste van die kunsmisgrondstowwe oor 'n jaartydperk in dollarwaarde gedaal het. Slegs DAP het met 6,8% toegeneem. Die rand het egter oor dieselfde tydperk met 22% verswak, wat invoere vir Suid-Afrika duurder maak.

Tabel 2 toon internasionale kunsmispryse in randterme aan om die impak van die wisselkoers te illustreer. In randterme het internasionale pryse van ammoniak en ureum met 7,7% en 7,9% gedaal, terwyl pryse van DAP en kaliumchloried met 30,5% en 15,5% gestyg het.

Tabel 3 toon gemiddelde plaaslike kunsmispryse oor 'n jaartydperk aan. Terwyl stikstofpryse internasionaal in randterme met ongeveer 8% afgeneem het, het dit plaaslik redelik sywaarts beweeg. Plaaslike MAP en kaliumchloriedpryse het nie tot dieselfde mate as internasionale pryse in randterme toegeneem nie.

TABEL 1: INTERNASIONALE KUNSMISPRYSE IN DOLLARWAARDE.

GEMIDDELDE INTERNASIONALE KUNSMISPRYSE (DOLLARWAARDE)			
KUNSMIS	OKTOBER 2014 \$/TON	OKTOBER 2015 \$/TON	%-VERANDERING %
Ammoniak (Midde-Ooste)	591	447	-24,4%
Ureum (46) (Oos-Europa)	335	253	-24,5%
DAP (VSA Golf)	412	440	+6,8%
Kaliumchloried (CIS)	301	285	-5,3%
Rand/dollar-wisselkoers	11,07	13,51	+22,0%

TABEL 2: INTERNASIONALE KUNSMISPRYSE IN RANDWAARDE.

GEMIDDELDE INTERNASIONALE KUNSMISPRYSE (RANDWAARDE)			
KUNSMIS	OKTOBER 2014 R/TON	OKTOBER 2015 R/TON	%-VERANDERING %
Ammoniak (Midde-Ooste)	6 543	6 039	-7,7%
Ureum (46) (Oos-Europa)	3 712	3 418	-7,9%
DAP (VSA Golf)	4 554	5 944	+30,5%
Kaliumchloried (CIS)	3 334	3 850	+15,5%

TABEL 3: PLAASLIKE KUNSMISPRYSE.

GEMIDDELDE PLAASLIKE KUNSMISPRYSE			
KUNSMIS	NOVEMBER 2014 R/TON	NOVEMBER 2015 R/TON	%-VERANDERING %
KAN (28)	5 594	5 628	+0,6%
Ureum (46)	6 293	6 212	-1,3%
MAP	8 719	9 620	+10,3%
Kaliumchloried	6 942	7 222	+4,0%

Kunsmispryse is tradisioneel goedkoper vroeër in die jaar

Omdat kunsmispryse gedurende die jaar uitermatig kan wissel en kunsmis as produksie-inset só 'n groot bydrae maak tot 'n graan- en oliesadeprodusent se lopende produksiekoste, kan die tyd van aankope 'n reuse verskil maak.

Graan SA het uit internasionale en plaaslike kunsmispryse sedert 2004 die gemiddelde maandelikse prys bereken en dit teen die totale jaarlikse gemiddeld geweeg om 'n indeks te vorm en dit op 'n grafiek aangedui. 'n Voorbeeld van hierdie resultate word in **Grafiek 1** weergegee. Dit gee vir ons 'n idee van wanneer kunsmispryse tradisioneel en/of op 'n gemiddelde basis op sy hoogste of laagste is.

Uit dié inligting blyk dit dat beide internasionale en plaaslike kunsmispryse in Januarie, Februarie of Maart op hul laagste is. Die neiging is ook dat pryse nader aan die einde van 'n kalenderjaar op hul hoogste is.


Hierdie tendens kan nie altyd deur somergraanprodusente tot voordeel gebruik word nie, omdat die tyd van aankope en

INSET-OORSIG

die tyd wanneer dit gebruik word met tien maande kan verskil – dit wil sê, rente betaalbaar kan hierdie voordeel neutraliseer. Dit is wel ideaal vir wintergraanprodusente wat al in Maart/April hul kunsmis gebruik.

Kunsmisprysverwagtinge

Kunsmispryse volg meestal internasionale graanprystendense. Omdat daar groot internasionale graanvoorrade is, is pryse relatief laag en hou dit internasionale kunsmispryse onder druk. Die produksiekapasiteit van kunsmis in die wêreld is ook tans besig om vinniger toe te neem as wat die vraag toeneem, wat groter kunsmisvoorrade tot gevolg kan hê. Al die bogenoemde faktore kan kunsmispryse onder druk hou. ■



Grafiek 1: Ureum – seisoenale indeks.

GRAANMARK-OORSIG

Tweedens het die groei in sojaboonolie-uitvoere oor die tydperk 2010 - 2014 die groei in sojaboonolie-invoere oorskry, terwyl die teenoorgestelde vir sonneblomolie waar was. In **Tabel 1** vergelyk ons die groei van invoere teenoor uitvoere wat dui op die moontlikheid van invoervervanging.

Slotopmerkings

Die uitbreiding van die plaaslike persaanlegte was daarop gemik om die invoer van plantaardige produkte (olie en oliekoek) te vervang. Dit begin positiewe vrugte afwerp, veral in die oliekoekmark. Suid-Afrika se totale oliekoekinvoere (van geselekteerde gewasse) het die afgelope vyf jaar beduidend met 39% afgeneem – vanaf

1 170 996 ton in 2010 tot 711 640 in 2014. Hierdie tendens sal na verwagting voortduur namate plaaslike oliesaadproduksie verder toeneem. In die 2014/2015-produksiejaar het Suid-Afrika se sojaboonproduksie vir die eerste keer 'n miljoen ton bereik. Dit lyk asof onlangse tendense daarop dui dat die toename in sojaboonolie-uitvoere ten koste van sonneblomolie oor die lang termyn kan voortduur, maar nie sonder afwisselende kort- tot mediumtermyn-onderbrekings nie. Die mate waartoe verdere strukturele verskuivings plaasvind, sal in 'n groot mate van die relatiewe pryse van sonneblom en sojabone afhang. Dit is belangrik om te beklemtoon dat enige aanbodreaksie vanaf die huidige grootte van die oes 'n impak op die prysvlakke en gevolglik die winsgewendheid van albei gewasse kan hê. ■

TABEL 1: UITVOERGROEI TEENoor INVOERGROEI EN POTENSIAAL VIR INVOERVERVANGING.

PRODUK	UITVOERGROEI	INVOERGROEI	INVOERVERVANGINGSPOTENSIAAL
Olie			
Sojaboonolie	32%	-12%	JA
Olyfolie	4%	0%	NVT
Palmolie	43%	6%	NVT
Sonneblomolie	-47%	9%	NEE
Raapsaadolie (kanola-olie)	2%	-38%	JA
Klapperolie	-31%	1%	NVT
Grondboontjie-olie	-23%	32%	NVT
Oliekoek			
Sojaboonoliekoek	11%	-15%	JA
Sonneblomsaadoliekoek	19%	-5%	JA
Klapperoliekoek	-44%	-21%	NVT
Katoensaadoliekoek	7%	11%	NEE
Palmoliekoek	0%	7%	NVT

Bron: Skrywers se berekeninge op grond van ITC (2015)
NVT = Nie van toepassing



Hierdie unieke produk is meerjarig en die oudste aanplantings in Suid-Afrika is ouer as vyf jaar.

Meer as 50 000 ha word tans bewei.

- 1: BRAZseed is die alleenverspreiders van Soesp-saad in Afrika. Bestel jou BRAZseed by www.brazseed.co.za.
- ◀ 2: Dreyer Senekal en Gielie Nieuwoudt gaan binnekort 'n aankondiging maak wat 'n totale ommekeer in landbou in Afrika gaan veroorsaak, asook hoe ons die kalfpersentasie van 35% in Afrika na 70% kan verhoog.

“ BRAZseed is die alleenverskaffer van Soesp-saad in Afrika – “BRAZseed is ons besigheid se naam en produsente moet daarop let dat baie van die opposisie daarop roem dat hulle BRAZseed verkoop. Dit is misleidend,” sê Gielie Nieuwoudt. ”

BRAZSEED – weiding is wins!

JURGEN VAN ONSELEN, namens BRAZseed

Brasilië is tans een van die wêreld se supermoondhede en het in minder as 40 jaar van 'n netto invoerder van landbouprodukte tot een van die grootste uitvoerders van landbouprodukte ontwikkel. In dié tyd het Brasilië se beesvleisproduksie vertiendubbel en vandag spog die land met die tweede grootste kommersiële beeskudde ter wêreld. Hierdie ongelooflike groei word onder meer toegeskryf aan die Brasiliaanse grasse *Brachiaria brizantha* (marandu) en *Panicum mazimum* (mombaza) wat die drakrag dramaties verbeter het.

Die grootste voordeel van die grasse is dat dit meerjarig is en oorspronklik van Zambië afkomstig is. Mnr Gielie Nieuwoudt (besturende direkteur van BRAZseed) is baie opgewonde oor die grasse en sê dit maak dit vir produsente met klein plase moontlik om meer beeste aan te hou en sodoende 'n groter inkomste te genereer. Nieuwoudt glo die grasse hou enorme potensiaal in en kan soos in Brasilië 'n wesenlike bydrae lewer tot die ontwikkeling van weiding in Suid-Afrika, asook die res van Afrika. Hy sê voorbeelde van waartoe die grasse in staat is, is in Brasilië gesien:

- Op 'n plaas van 90 ha onder besproeiing loop 1 400 beeste in die somer en 900 in die winter op die grasse.
- Op 'n ander plaas van 3 600 ha wei 8 600 beeste op droëlandgras.
- Op nog 'n plaas van 140 ha word 700 Nelore-beeste op dié grasse aangehou.

In Suid-Afrika word 50 000 ha Brasiliaanse gras reeds ten volle bewei en in die nuwe seisoen gaan nog 50 000 ha gevestig word sodat daar teen die einde van November 100 000 ha bewei kan word. Nieuwoudt meen die Suider-Afrikaanse bedryf kan dieselfde revolusie as die Brasiliaanse veebedryf beleef indien hierdie grasse goed gevestig en behoorlik bemes word.

Plaaslike sukses

Die grasse het hulle ook reeds plaaslik bewys. 'n Produsent van Viljoenskroon het ervaar dat die grassoorte – ondanks die laat reën vanjaar – baie goed gevaar het. Hy het 1 000 kalwers vir 60 dae op 60 ha Brasiliaanse gras laat wei. Die kalwers het gemiddeld 800 g per dag opgetel. Dit is gelykstaande aan R950 400 se waarde in

vleisproduksie (48 000 kg x R19,80). Hy het dus 'n gemiddeld van R15 840/ha binne 60 dae verdien. Vir die nuwe seisoen het hy geen insetkoste nie en het hy tans weer kalwers in kampies op die 60 ha. Volgens Nieuwoudt het dit R150 000 gekos om die 60 ha te vestig, maar indien hy 60 ha mielies geplant het, sou dit hom ongeveer R400 000 gekos het – met 'n gemiddelde verlies van R150 000.

Ontledings van die gras lyk soos volg:

- Ruproteïen: 18%
- Verteerbaarheid: 42%
- TVV/fosfaat: 0,35%
- Energie: 8 Mj/kg
- Vesel: 28%
- Opbrengs: 12 t/ha tot 18 t/ha op droëland of 40 t/ha tot 60 t/ha onder besproeiing.

Skakel gerus vir Nieuwoudt by 084 800 0193 of op kantoor by 074 537 4050 vir enige navrae. BRAZseed het verspreidingspunte regoor Afrika. ■



▲ 3: BRAZseed het oor die 60 t/ha onder besproeiing in Pongola opgelewer, waar ernstige droogtes nou heers. Op die foto is Charl Senekal van Pongola.



NA-OPKOMS ONKRUIDDODER

PROGRAM 1

Laudis® 630 SC: 120 ml/ha

+

Atrasion 500 SC: 1000 ml/ha

+

Ammoniumsulfaat:
2%-oplossing indien 'n
500 g/l vloeibare formulase
gebruik word

+

Ballista®: 500 ml/ha

OF

Laudis® 630 SC: 180 ml/ha

+

Atrasion 500 SC: 1000 ml/ha

+

Ballista®: 500 ml/ha

DIE LAAGSTE RISIKO ONKRUIDDODER


Elke produsent kan hierdie seisoen met gemoedsrus sy na-opkoms onkruiddoder program beplan met Laudis®:




- Laudis® bevat veiliger tegnologie
- Laudis® bied buigsaamheid in sy toedieningsvenster
- Laudis® is reënvas binne 1 uur van toediening
- Laudis® bied beskerming selfs in ongunstige weersomstandighede

PROGRAM 2

- Laudis® 630 SC: 180 mℓ/ha
- + Atrasiën 500 SC: 1000 mℓ/ha
- + Ammoniumsulfaat: 2%-oplossing indien 'n 500 g/l vloeibare formulase gebruik word
- + Ballista®: 500 mℓ/ha

Let wel: Laudis® is verenigbaar met Harness Extra EC sowel as Roundup Powermax.



-  Breëblaar-onkruid
-  Grasse
-  Groei-omstandighede

Vir meer inligting besoek ons webblad by www.cropscience.bayer.co.za of laai ons App af: Bayer Crop S.A. QR-kode na webtuiste (spesifiek na Laudis®)



Bayer Crop S.A.



Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07. Wrenchweg 27, Isando, 1601, Posbus 143, Isando, 1600. Tel: +27 11 921 5252 Faks: +27 11 921 5671

Lees die etiket vir volledige besonderhede: Laudis® Reg. Nr. L8525 (Wet Nr. 36 van 1947). Laudis® bevat Tembotrtoon en Isoksadifenetel (Skadelik). Ballista® Reg. Nr. L7442 (Wet Nr. 36 van 1947). Ballista® is geregistreerde handelsmerke van Bayer CropScience AG, Duitsland. Harness Extra EC en Roundup Powermax is geregistreerde Monsanto handelsmerke.



Conservation

AGRICULTURE

– Part 22



WAYNE TRUTER, University of Pretoria,
CHRIS DANNHAUSER, Grass SA,
HENDRIK SMITH, Grain SA and
GERRIE TRYTSMAN, ARC-Animal Production Institute

Integrated crop and pasture-based livestock production systems

this article is the 22nd of a series of articles highlighting a specific pasture crop species that can play an imperative role in conservation agriculture (CA)-based crop-pasture rotations. Besides improving the physical, chemical, hydrological and biological properties of the soil, such species, including annual or perennial cover crops, can successfully be used as animal feed.

Livestock production systems are in many ways dependent on the utilisation of pasture species, in this case as a pasture ley crop, and can therefore become an integral component of CA-based crop-pasture rotations. It is imperative to identify a plant species fulfilling the requirements of a dual purpose crop, i.e. for livestock fodder and/or soil restoration.

This article focuses on a legume cover crop with pasture crop potential used to improve soil conditions and to provide a high quality forage for ruminants.

***Vigna unguiculata*, cowpea or akkerboon**

Cowpeas are a summer annual legume and a fast grower, reaching heights of 60 cm when grown in favourable conditions. There are many cultivars and they vary greatly in growth habit. Some are short, upright bush types and others are tall and vine-like.

In times of drought a cowpea taproot can grow down to 2,5 m (depending on soil type) to reach moisture deeper in the soil profile. The vining type is preferred for forage or cover crop use, while the bush type is better suited for direct mechanical harvesting.

Agro ecological distribution

Although cowpeas will tolerate recurrent waterlogging, they will not grow well if the soil is waterlogged for extended periods. Cowpeas grow best during summer and the suitable temperature for germination is in the order of 8°C and for leaf growth 20°C. The optimum temperature for growth and development is around 30°C.

The time of flowering of photosensitive varieties is dependent on time and location of sowing and may be more than 100 days. Research has also shown that in early flowering varieties, the flowering period can be extended by warm and moist conditions. Cowpeas grow well in heat and is more drought-tolerant than many other crops. It can grow under rainfall ranging from 400 mm to 800 mm

per annum. Well-distributed rainfall is important for the growth and development of cowpeas.

In certain areas of South Africa, the frequency of rain is very high, resulting in serious waterlogging while in other areas it is so unreliable that moisture conservation remains vitally important for crop production.

Cowpeas react to severe moisture stress by limiting growth and reducing leaf area by changing leaf orientation and closing the stomata. Therefore, ample rainfall is important during the flowering or pod forming stage. Flower and pod abscission during severe moisture stress also serves as a growth-restricting mechanism.

Cowpea varieties will grow on a wide range of soil types; however the legume shows a preference for sandy soils, which enable better root growth. This adaptation to lighter soils is coupled with drought tolerance through reduced leaf growth, less water loss through stomata, and leaf movement to reduce light and heat load under stress.

This crop is more tolerant to infertile and acid soils than many other crops, requiring a soil pH of 5 to 6. It is also extremely important to remember that even though cowpeas can survive waterlogged conditions, they prosper in well-drained soil and therefore struggle on heavier soils.

Management and utilisation

The optimum sowing times are October to December. Early-sown crops are less erect, more vegetative and have a lower yield than those sown at the optimum time. It is also imperative that cowpeas are inoculated with a specific nodular bacteria i.e. *Bradyrhizobium* spp. to ensure effective nodulation for nitrogen fixation, but this is not necessary if cowpeas or other legumes (mung beans, peanuts and stylos) have previously been grown in the same area.

Land preparation prior to sowing is similar to that of other field crops. Alternatively, minimum tillage is recommended and sowing directly into a grass, legume or crop stubble is beneficial. Cowpeas have large vigorously growing seedlings and are therefore better suited to minimum tillage practices. A seeding rate of 20 kg/ha - 30 kg/ha should be used, which is needed to obtain optimal dry matter and grain production yields.



1



2



3

- 1: Early vegetative stage.
- ◀ 2: Late vegetative stage.
- ▲ 3: A stalk chopper (*rolmoer*) being used to flatten cover crops.
- ▴ 4: Cowpeas after being rolled.



4

Koop 'n nuwe John Deere 5E en 5EF reeks trekker en finansier dit teen

prima minus 9% gekoppel*



Kontak jou naaste handelaar of John Deere Financial-bemarker vandag nog!

Finansiering gebou vir jou

*Bepalings en voorwaardes geld. Geldig tot 31 January 2016.

John Deere Financial word ondersteun deur Absa, 'n lid van Barclays, 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer en geregistreerde kredietverskaffer. Reg Nr NCRCP7.

Ondersteun deur



**JOHN DEERE
FINANCIAL**

www.Deere.com



CONSERVATION AGRICULTURE

The seed can either be broadcast or drill seeded in 18 cm or 40 cm rows. Pre-planting cultivation is an adequate control measure for hay and green manure crops, as cowpeas are vigorous twining legumes which smother and choke out weeds if the recommended sowing rates are used, resulting in well-established crops.

Since phosphorus is an important nutrient for leguminous crops, South African soils are often phosphorus deficient, and superphosphate applications of 100 kg/ha - 250 kg/ha are recommended while potash should be fertilised at 50 kg/ha - 150 kg/ha prior to sowing.

Utilising cowpeas as hay crop is becoming more common by the day. The perfect time to make hay from cowpeas is at peak flowering stage, which generally occurs 70 to 100 days after sowing.

Most cowpea crops will mature at the same time whether sown early or late. Those crops sown earlier have the opportunity to produce higher hay yields because of a longer growing season. Studies have shown that cowpea hay yields are generally between 2 500 kg/ha - 6 000 kg/ha, depending on the growing and management conditions.

When using cowpeas as a cover/green manure crop, it can be incorporated/rolled at any time when sufficient green material is available, but it is best done at the time of peak flowering when the material is of high quality and will decompose quickly in the soil.

Soil conservation and health benefits

Research regarding the contribution of cowpeas to soil improvement has shown that cowpeas can produce about 4,5 tons of dry matter per hectare, each ton containing approximately 30 kg of nitrogen. The nitrogen content of cowpeas is about 1,5% - 3,5%.

Producers can take advantage of the natural ability of cowpeas and other legumes to fix atmospheric nitrogen. For good legume growth and nitrogen fixation, the soil should have adequate phosphorus, a good balance of micronutrients (iron, sulphur and molybdenum), appropriate pH, and good aeration (no compaction or waterlogging). Cowpeas are sensitive to zinc deficiency. Cowpeas' N contribution to a cropping system when incorporated is approximately 120 kg/ha.

Additional benefits are obtained from the organic matter content of the incorporated plant material. This organic matter helps improve soil structure, water infiltration, and soil water holding capacity. Organic matter will also increase the ability of the soil to hold plant nutrients by improving the soil cation exchange capacity.

Organic matter provided by legumes is quickly decomposed by soil microorganisms and does not persist for long in the soil. To build up the humus content of the soil, select slowly decomposing, fibrous grasses as green manure, or use grass-legume mixtures. Possible grasses for mixture with cowpeas include sorghum sudan-grass hybrids. Long-term incorporation of annual legumes such as cowpeas will increase the soil humus content, but at a slower rate than would grass cover crops (Valenzuela and Smith, 2002).

Management challenges

Studies have shown that diseases such as powdery mildew (during wet winter months and under humid conditions), leaf spot, rust and mosaic virus have been recorded in cowpeas. Control measures are normally not necessary or practicable. Guinea fowl are also known to have a liking for cowpea seedlings once emerged and can be very destructive.

Animal production aspects

Harvesting cowpeas later in the season will ensure higher forage yields, but will also result in a lower quality. Nevertheless, cowpeas have a higher forage quality than some subtropical annual grass-

es such as millet and sudan grass. Many studies have shown that cowpeas can have a high crude protein concentration, varying between 19% and 24%, depending on the stage of harvest and the management applied.

Cowpea forage has been successfully fed to beef cattle all over the world and often by small scale producers in Africa. To date, no known reports exist of poor palatability or anti-quality problems. The most appropriate method to preserve the quality of this crop is to make haylage or silage. Cowpea hay tends to be very similar to soybean hay, being very stemmy. This characteristic limits the fast curing of the plant material, taking longer to dry.

The following results were obtained from a trial in the Dundee district (KwaZulu-Natal). The total rainfall during the summer season of 2003/2004 was 473,6 mm - well below the long term average of 745 mm per annum that falls mainly during summer.

Grazing commenced on 5 April 2004 and ended on 1 June 2004, when all the available grazing material was utilised. Mutton Merino ewes (with their lambs), as well as dry sheep, were used to graze the cowpeas during the mentioned period of 57 days. During the grazing period pods were already formed.

The nutritional value of the whole plant was as follows: Acid detergent fibre (ADF) 29,07%, neutral detergent fibre (NDF) 43,5 and protein 15,46%.

The calculated carrying capacity for a two month (60 days) grazing period was 15,1 small stock units (SSU)/ha/60 days. The following assumptions were made in the calculations: One ewe, with an average mass of 65,3 kg, was taken as the equivalent of 1,28 SSU, one lamb (average 19,3 kg) was taken as 0,51 SSU and one dry sheep (average 47 kg) was taken as 1 SSU.

The lambs grew on average 278,9 g/day and they gain on average 15,9 kg/lamb for the grazing period. This is highly acceptable for lambs on this type of dryland pasture. Although in a lactating phase, the ewes also managed to gain weight (38,6 g/day) and that will contribute to their body condition in the next breeding season.

Conclusion

Cowpeas as an annual legume crop, offer many opportunities for CA based cropping systems. This crop makes a significant contribution as a leguminous crop through N fixation. With cowpeas commonly known as a drought tolerant crop, much attention is given to using this crop to produce high quality forage in a drier environment.

Therefore, cowpeas have many benefits such as providing high quality green manure to improve soil quality, it is a strong competitor with weeds and finally provides high quality forage for the live-stock production component of an integrated crop and pasture based livestock production system.

Lastly, seeding cowpeas with a subtropical grain crop such as maize can be extremely valuable in the long term for such a crop rotation system.

For more information, contact Dr Wayne Truter at wayne.truter@up.ac.za, Prof Chris Dannhauser at admin@GrassSA.co.za, Dr Hendrik Smith at hendrik.smith@grainsa.co.za or Mr Gerrie Trytsman at gtrytsman@arc.agric.za. ■

References

- Van Zyl, EA and Dannhauser, CS (2004). Cowpeas as a fodder crop. *SA Co-op Vol 22 (2)*, November 2004.
Valenzuela, H. and Smith, J. (2002). Cowpea. Green Manure Crops: Cowpea CTAHR. 2SA-GM-6

POLITIEKE ontleding



PIËT CROUCAMP, politieke ontleder

Eienaarskap is fundamenteel tot bemagtiging

In landboukringe word dikwels gewonder of die regering 'n begrip het vir die gevolge wat beleidsonsekerheid vir effektiewe produksie en suksesvolle markontwikkeling inhou. Dieselfde twyfel wat betref die staat of regering se politieke en ekonomiese voornemens heers ook in die mynbou- en vervaardigingsektore van die ekonomie. Die enkele mees morbiede waarneming wat betref beleidsonsekerheid, is dat kapitaal-eienaars skugter is om te draal in 'n omgewing waar alle rolspelers nie konformeer tot gekodifiseerde spelreëls nie.

Anders gestel: Waartoevoeging vereis bestendige omstandighede en voorspelbare gedrag van die belangrikste rolspelers. Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) is 'n uiters gekodifiseerde bloudruk, maar om komplekse of selfs onverstaanbare redes kan die lojaliteit van die regering jeens die NOP met reg bevestig word.

Die probleem ontstaan waarskynlik alreeds in die konseptuele raamwerk van die NOP. Die regering se definisie van voedselsekerheid verskil heel moontlik fundamenteel van dié van georganiseerde landbou. Só ook konsepte soos landelike veiligheid, ontwikkeling, bemagtiging en grondhervorming. Die gebrek aan konsensus wat betref hierdie konsepte het waarskynlik te doen met kompeterende ideologieë.

Die staat beskou bemagtiging deur 'n lens van staatsintervensie en georganiseerde landbou verstaan bemagtiging as die natuurlike nagevolg van ekonomiese groei. Die praktyk is egter aan landbou se kant – veral as die relatiewe sukses van staatsintervensie gemeet word aan die resultate van bemagtigingsprojekte wat produsente op eie inisiatief onderneem.

Daar is 'n fundamentele verskil tussen die staat en die megaboere se inisiatiewe. Dit is geleë daarin dat die regering nie die oordrag van bates as die belangrikste oogmerk van bemagtiging beskou nie. Die geskiedenis laat egter weinig illusies: Eienaarskap is fundamenteel tot bemagtiging.

In byna elke land in die wêreld waar eienaarskap en batebesit geëer is, is relatiewe welvaart en bemagtiging 'n gegewe. In suksesvolle ekonomieë is die oordrag van eienaarskap wat betref bates, 'n eenvoudige, dog gereguleerde transaksie en die vloeï van kapitaal word bepaal deur die mark eerder as deur die teenwoordigheid of onvoorspelbaarheid van diverse risiko's.

Belangriker egter, is dat bates – of die waarde wat akkumuleer as gevolg van die waarskynlike appresiasie in die waarde van bates – oorgedra word van een generasie na 'n volgende. Die eenvoudigste bewys daarvan, is die feit dat in suksesvolle politieke ekonomieë byna elke generasie materieel beter af is as die voorafgaande geslag.

Die mensdom beleef, in algemene terme, ongekende voorspoed *vis-à-vis* hul voorgeslagte en eienaarskap is in die kern van daardie dinamika. Die Chinese ekonomie en die lewenskwaliteit van daardie land se mense het astronomies gegroei met die besef van hul politieke leierskap dat welvaart 'n markgedrewe verskynsel is.

Sonder ekonomiese groei is relatiewe of selfs absolute armoede 'n noodwendigheid; en kapitaalakkumulering (ekonomiese groei) vind slegs plaas onder omstandighede van mededinging en investering. Sonder bates, egter, is beide mededinging en groei blootgestel aan risiko's wat onder meer geïnhibeerde groei insluit. Maar die belangrikste kenmerk van eienaarskap en batebesit is dat dit vertroue in bepaalde ekonomiese aktiwiteite rugsteun; en die ewewig van mededinging waarna markte behoort te streef, is geweldig afhanklik van vertroue.

Dit is die rede waarom die bemagtigingsprojekte wat produsente in Suid-Afrika self inisieer, byna altyd beter sal vaar as dié wat geforseer word deur die ideologiese intensies van die staat. Die kommersiële argitektuur van bemagtiging sal nooit tot wasdom kom sonder die oordrag van bates, eienaarskap en titelaktes nie.

Daaruit vloei 'n ander belangrike waarheid: Bemagtiging kan nie net een van die deelnemende partye bevoordeel nie. Daar moet ook bemagtiging in die transaksie of ooreenkoms wees vir die party wat die risiko's van die projek gaan dra. Wanneer produsente 'n meetbare geleentheid tot groei in 'n bemagtigingsprojek kan identifiseer, het hul deelname waarskynlik aansienlik meer integriteit.

Die vraag is nou, hoe word die regering of die staat oortuig van die waarde van bates en die oordrag van eienaarskap? Daar is geen twyfel nie dat die ANC 'n mate van wantroue jeens eienaarskap as 'n indikator van welvaart koester. Dit beteken nie dat arm Suid-Afrikaners dieselfde wantroue troetel nie.

Kommersiële landbou en kapitaal-eienaars moet self die proses wat eienaarskap bevorder, dryf en bestuur. Produsente en die sakegemeenskap het aansienlik meer gesag as wat hulle besef – of wat hulle bereid is om te gebruik – in die onderhandeling van bemagtigingstransaksies.

Gebruiksreg sonder eienaarskap gee nie alleen aan die staat onewewigtige mag oor die bemagtigde nie, maar skep of bevestig ook 'n feodale ingesteldheid jeens welvaart wat inisiatief en die bereidwilligheid om risiko's te neem, inhibeer. Dus, indien landbou bemagtiging enigsins wil laat wortel skiet op 'n volhoubare basis, sal produsente dit self moet doen. Dit is 'n uitdaging, maar ook 'n geleentheid vir verdere welvaartskepping. ■

Goeie arbeidspraktyke en -verhoudinge in die kollig



Overberg Agri Plaaspersoneel Ontwikkelingsdag

LIANA STROEBEL, ontwikkelingskoördineerder: Graan SA

Die jaarlikse Plaaspersoneel Ontwikkelingsdag wat deur Overberg Agri gereël word, het op Donderdag, 3 September 2015 by twee afsonderlike proefplase in die Wes-Kaap plaasgevind.

Die eerste geleentheid het die oggend om 09:00 by Roodebloem-proefplaas net buite Caledon afgeskop waarna die tweede sessie om 13:00 by die Sensako-proefplaas op Napier plaasgevind het.

Verskeie gassprekers het waardevolle inligting by hierdie sessies met soveel soos 400 plaaswerkers uit die omgewing gedeel. Mnr Israel Mashile van Bayer het oor beroepsgesondheid en -veiligheid op die plaas gesels, waarna me Samantha Smile, 'n nuwe era-boer van Spanjaardskloof, die hantering van persoonlike finansies en die gebruik van selfone tydens werkstyd bespreek het.

Me Liana Stroebel het meer vertel van die verskeie Graan SA opleidingskursusse wat aan alle plaaswerkers in die Wes-Kaap beskik-

baar is en personeel aangemoedig om aan te hou leer, hul kennis op te bou en trots te wees op dit wat hulle doen, waarna verteenwoordigers van die Departement van Justisie en Maatskaplike Ontwikkeling 'n humoristiese vertoning gelewer het om die boodskap van beter kommunikasie, reëls en konsekwentheid onder plaasgesinne oor te dra.

Na afloop van hierdie gedeelte van die program, is plaaspersoneel in hul onderskeie graan- of vee-spesialisareas verdeel. Persone wat meer in die graanvertakkings werk, is uitgeneem na verskeie demonstrasiepersele waar navorsers van die Wes-Kaapse Departement van Landbou, Agricol, Sabbi, Klein Karoo en Sensako kultivarkeuse, plantontwikkeling en die identifisering van verskeie siektes en onkruid op koring, gars, kanola en voergrane bespreek het.

Verder het personeel wat weer in die veevertakkings werk of belangstel, insiggewende inligting rakende die inenting en dosering van skape van die plaaslike veearts, dr Hensie Lategan, ontvang.



- 1: Tydens die geleentheid by Roodebloem-proefplaas buite Caledon.
- 2: Samantha Smiles van DEHS Farming gesels oor finansiële bestuur.
- 3: Dr Hensie Lategan vertel personeel meer oor die inenting en dosering van skape.
- 4: Personeel van Sensako gesels oor verskillende kultivars, asook die proses waartydens nuwe kultivars ontwikkel word.



Kyk deur 'n gekleurde bril na landbou

SA GRAAN/GRAIN REDAKSIE

Amateurfotograwe het weer die geleentheid om vanjaar aan die opwindende Graan SA/Sasol Chemicals (Kunsmis)-fotokompetisie deel te neem. In 2016 wil ons jôu interpretasie van landbou in volkleur sien.

Komaan, moenie net dreig om in te skryf nie, stuur sommer dadelik jou foto's in. Onthou: Van uitstel kom afstel. Ons sien uit daarna om jôu interpretasie van ons nuwe tema te ervaar.



◀ **Stella Pieterse van Koedoeskop se foto, "Koring met sonsondergang – my man, Koos, staan in die land en bestudeer die groei van die koring", het haar November se wenner gemaak en R1 000 in die sak gebring.**



2de

▲ **Tanya Swanepoel van Hartbeesfontein se foto behaal die tweede plek. Op die foto is Corneels Swanepoel met Jandre op sy skouers en CW langs hulle. Geneem op die plaas Rietfontein, Hartbeesfontein.**



3de

▲ **In die derde plek is Charné Saaiman van Ermelo se foto. "Veldbrande berokken groot skade vir produsente met al die gevaar wat vandag daarmee gepaard gaan. Moderne tegnieke soos voorbrande kan gebruik word om onnodige wegholbrande te vermy."**

Goeie arbeidspraktyke en -verhoudinge

Die doel van hierdie dag is veelvoudig en sluit in om plaaswerkers blootstelling aan verskeie onderwerpe te gee, erkenning te gee, op te lei, te motiveer om na uitnemendheid te streef en om hul te laat beseef watter belangrike rol hul in die landboubedryf van die Wes-Kaap speel.

Graan SA voel geëerd om deel te wees van só 'n spesiale dag. Hartlike dank aan die borge vir die dag naamlik Bayer, Terason, Graan SA, SOILL, Verbac, Overberg Agri en Sensako.

- ▶ **5: Lisa Smorenburg, navorser by die Wes-Kaapse Departement van Landbou, voorsien inligting rakende die identifisering van Sclerotinia in kanola.**
- ▶ **6: Israel Mashile gesels oor beroeps-gesondheid en -veiligheid op die plaas. Hy beklemtoon die voorkoming van ongelukke en gee ook praktiese wenke oor die hante-ring van sekere situasies. ■**



5



6

Deel jou praktyke met medeprodusente

Graan SA-lede is welkom om wenke vir goeie arbeidspraktyke en -verhoudinge op die plaas of praktyke wat hulle op die plaas toepas en wat vir hulle werk, met medeprodusente te deel. Stuur 'n e-pos na estiedv@mweb.co.za en ons sal jou kontak.

WENFOTO VIR DESEMBER



▲ Hano Saaiman van Ermelo se foto is Desembermaand se wenner. "I have taken some, which I consider, spectacular photos of the influence of nature on agriculture. With the temperatures reaching record lows on the farm, producers need to adapt daily (keeping up with modern times)." ■

GRAAN SA/SASOL CHEMICALS (KUNSMIS) FOTOKOMPETISIE

Dit is
Landbou in volkleur

Wen prysgeld ter waarde van R32 000

Waraan dink jy as jy aan "Landbou in volkleur" dink? Goudgeel kanola- of sonneblomlande vol in blom? Jong koring of mielies wat heldergroen uit die bruin grond beur? 'n Pienk en oranje sonsondergang op die plaas? Wit en swart beeste wat water by die dam suip? Boeta wat met sy bloedrooi hemp op die trekker ry? Of dalk Sussa met haar pers rok wat in die wa vol mielies speel? Komaan, verras ons met jou vertolking van 2016 se fotokompetisietema "Landbou in volkleur".

WAT KAN JY WEN?

Vanaf Januarie 2016 word daar vir twaalf uitgawes elke maand 'n wenner deur 'n paneel beoordelaars aangewys. Die maandelikse wenner stap weg met 'n kontantprys van R1 000 en die twaalf finaliste kom in aanmerking vir **R10 000 (wenner)**, **R7 000 (naaswenner)** en 'n **derde prys van R3 000**. Dankie aan Sasol Chemicals (Kunsmis) wat vanjaar weer die prysgeld borg.



SASOL



GRAIN SA
GRAAN SA

KOMPETISIEREËLS

1. Slegs amateurfotograwe (dit wil sê persone wat nie 'n bestaan maak uit die neem van foto's nie) mag vir die kompetisie inskryf.
2. Deelnemers kan 'n maksimum van drie foto's (waarvan die onderwerpe verskil) per uitgawe inskryf. Indien meer as drie foto's ingestuur word, sal die eerste drie foto's wat ontvang word, vir die kompetisie in aanmerking geneem word.
3. Fotograwe kan elke maand tot en met die afsnytyd hul foto's instuur. Inskrywings wat ná die afsnytyd ontvang word, sal vir die volgende maand se kompetisie ingeskryf word.
4. 'n Deelnemer wat 'n maandwenner is, kan vir die daaropvolgende drie uitgawes nie inskryf nie.
5. Foto's wat ingeskryf word, moet uniek wees en nie oor dieselfde onderwerp handel as foto's wat vir 'n ander fotokompetisie ingeskryf is nie. Foto's wat ingeskryf word, mag ook nie voorheen gepubliseer wees nie.
6. Inskrywings moet die tema "Landbou in volkleur" uitbeeld.
7. Die fotograaf moet 'n fotobyskrif asook sy posadres en telefoonnommer/s saam met die foto verskaf.
8. Persone op die foto moet geïdentifiseer word (verskaf noemnaam en van).
9. 'n Paneel, wat bestaan uit twee professionele fotograwe asook 'n verteenwoordiger van SA Graan/Grain en Sasol Chemicals (Kunsmis), sal die foto's maandeliks beoordeel.
10. Slegs e-posinskrifings of foto's wat op CD verskaf word, sal aanvaar word. Die foto's moet in elektroniese formaat wees, nie groter as 3 MB elk nie, in JPG-formaat en nie kleiner as 10 cm x 15 cm nie. Indien foto's met 'n filmkamera geneem word, moet dit teen 'n resolusie van 300 dpi geskandeer word.
11. Gemanipuleerde foto's (waar veranderings aangebring is) sal nie aanvaar word nie. Om 'n foto te sny (*crop*) word nie as manipulasie beskou nie.
12. Graan SA behou die reg voor om foto's wat onduidelik is of nie aan die kompetisieredeëls voldoen nie, af te keur.
13. Alle inskrifings word die eiendom van Graan SA – dit sluit die CD's in waarop die foto's verskaf is. Die foto's sal in 'n databank gebêre word en Graan SA en Sasol Chemicals (Kunsmis) mag dit vir toekomstige promosie-, bemarkings- en publikasiedoelindes gebruik. Deur in te skryf, stem die deelnemer in daartoe en geen eise van derde partye vir skending van kopiereg kan ingedien word nie.
14. Werknemers van Sasol Chemicals (Kunsmis), Graan SA of Infoworks mag nie vir die kompetisie inskryf nie.

SLUITINGSDATUM:
MAART 2016: 7 MAART
APRIL 2016: 6 APRIL

Stuur foto's na elmien@infoworks.biz of aan Elmien Bosch, Postnet Suite 32, Privaat sak X10, Flamwood, 2572.

Onthou om 'n naam, kontakbesonderhede en byskrif vir die foto saam te stuur.

Meer as 40 000 proewe wêreldwyd geplant om gewastegnologie te verbeter

HANS LOMBARD, namens Monsanto



▲ Monsanto se tegnologie-ontwikkelingspan tydens die konferensie. Agter: Dr Norbert Muelleder, Andrew Bennett, Hugo le Roux, Anton Swanepoel, Leonard Oberholzer, Paul Groenewald, Hobart Beeghly en Wimpie Maré. Voor: Riaan Rossouw, Tony Johnson, André Botes, Jako Benadie, Tino Erasmus en Jaco van Zyl. Foto: Hans Lombard

Monsanto plant tans 40 500 proewe wêreldwyd op 22 000 lokaliteite waarby meer as 1 000 tegnisi en landboukundiges betrokke is om gewasproduksie te verbeter om aan die produsent die hoogste gehalte saad vir maksimum opbrengs en winsgewendheid te lewer, sê mnr Hobart Beeghly (internasionale hoofbestuurder: Tegnologie van Monsanto se hoofkantoor in die USA).

Beeghly, die hoofspreekers tydens die sesde tegnologiese konferensie van Monsanto in KwaZulu-Natal, het gesê dié tegnisi is die maatskappy se top tegnologie-verteenwoordigers. Hulle kan as gevolg van die ervaring uit die proewe, produsente op plaasvlak adviseer oor die beste produksiestelsels en opleiding voorsien rakende die aanwending van nuwe tegnologie om die produsent gedurende die produksieseisoen voortdurend te ondersteun om die maksimum opbrengste te benut.

Daar is volgens hom geleentheid vir alle produsente, groot en klein, om voordeel te trek uit die tegnologiese vordering in landbou. Van die grootste geleenthede is om opbrengste in Afrika suid van die Sahara te stabiliseer deur verbeterde saadtelingstegnologie, verskansing teen insekplae en droogtes.

Mnr Andrew Bennett (tegnologie-ontwikkelingsbestuurder: Afrika, Monsanto) het gesê die maatskappy beskik oor 23 tegnologie-ontwikkelingsverteenwoordigers wat reg oor die mielieproduksiegebied van Suid-Afrika, Oos-Afrika en Wes-Afrika, in nege lande versprei is. Gesamentlik doen hulle proewe op meer as 375 lokaliteite om die beste aanwending van Monsanto se wêreldwye tegnologie vir produsente op plaasvlak te bepaal.

Mnr Ivo Brandts (bestuurder: Regulatoriese wetenskap van die maatskappy se EU-hoofkantoor in Brussel, België) het aantygings dat glifosaat, die aktiewe bestanddeel van die onkruidodder Roundup Ready kankerverwekkend is, die nek ingeslaan. Hy het daarop gewys dat die produk reeds langer as 40 jaar wêreldwyd die markleier in onkruidodders is. Geen regulatoriese instansie ter wêreld beskou glifosaat as kankerverwekkend nie en nog minder as 'n gesondheidsrisiko vir mense en die omgewing.

Dr Norbert Muelleder (tegnologie-ontwikkelingsbestuurder vir Wes-Afrika en Ethiopië) het gesê dat Monsanto se GM-katoentegnologie-ontwikkeling in Suid-Afrika verantwoordelik was vir die suksesvolle katoenontwikkeling in 2008 in Burkina Faso in Wes-Afrika. In die afgelope 18 maande het die maatskappy voorts goeie vordering gemaak in Ghana, Ethiopië en Nigerië met die ontwikkeling van gehalte bastermieliesaad en die vestiging van tegnologie-ontwikkelingsverteenwoordigers in dié lande.

Verskeie van die maatskappy se plaaslike tegnologie-verteenwoordigers het ook inligting oor die span se werksaamhede bekend gemaak. ■

SILO WAREHOUSE

Voermeulens en voerbuis vir hoender-, vark- en veeboere. Sementsilo's en "ReadyMix"-aanlegte vir die konstruksiebedryf.

Silo's, bokkieshyers, awegore en rolswa, graanskoonmakers, bandvoerdere en sleepklatsings.

Top kwaliteit toerusting

E-pos: info@silowarehouse.co.za • www.silowarehouse.co.za
Tel: (012) 332-1469 • Faks: (012) 332-4523 • Sel: 082 492 7496

Sonneblombasters waarop mens **verlief** kan raak...

Skakel gerus een van ons takke vir verdere inligting.

Potchefstroom: 018 294 7470

Kimberley: 053 841 0675

Pretoria: 012 813 8079



Agsun 8251

Agsun 5264

Agsun 5278

Agsun 5270



Plant in die kol, plant


agricol
aan die groei



DIE KORT EN DIE LANK VAN PLAASVEILIGHEID:

Wees wakker, wees paraat, wees reg

PIETMAN BOTHA, SA Graan/Grain medewerker

Plaasveiligheid is jou eie verantwoordelikheid en geen beskermingsmaatreëls is 'n waarborg dat jy nie 'n slagoffer van 'n ernstige geweldsmisdad sal word nie. Maak seker dat jy 'n plan het van wat om te doen as daar 'n insident op jou plaas sou wees, 'n onwettige grondbesetting of betreding sou plaasvind of as daar dalk enige ander wets-oortreding op jou plaas sou wees – soos byvoorbeeld die jag van wild met honde.

Beskermingsmaatreëls gaan jou nie vrywaar van 'n insident nie, maar gaan die booswigte vertraag en jou waarsku om jouself voor te berei op dit wat kan volg.

- Wees ten alle tye waaksaam en paraat. As daar iets is wat nie reg lyk nie of uit plek is, dan is daar gewoonlik fout. Wees op die uitkyk.
- Besin oor hoe jy gaan optree indien jy 'n slagoffer van 'n ernstige geweldsmisdad sou word. Gaan jy vries, weghardloop of terugslaan? Oefen om kalm te bly, die situasie reg te lees en die regte optrede dienooreenkomstig te neem. Wees kreatief om die booswigte uit te oorlê. Verstaan ook hoe 'n booswig behoort op te tree.

Moenie probeer braaf wees nie – kry hulp.

- Begin weer omgee vir mekaar en veral vir die mense rondom jou. Kom in 'n roetine om veral jou bure op 'n sekere tyd te kontak. As daar nie antwoord is nie, maak dadelik werk daarvan om uit te vind of alles reg is. Indien jy weggaan, stel jou vriende en bure in kennis en vra dat hulle 'n oog oor jou belange sal hou. Net so moet jy ook weer jou bure en vriende help as hulle weg is.
- Jou naaste bure is vir jou 'n bate en kan help dat jy oorleef as daar probleme ontstaan. Sorg dat jy hulle ken en dat hulle jou familie, huis- en tuinwerkers ook ken. As die bure jou werf en huisopset ken, sal dit help as hulp benodig word. Sorg dat die bure se telefoonnommer op jou selfoon is en dat daar dalk 'n WhatsApp-groep is waar baie mense vinnig gekontak kan word. As daar snelskakels op jou foon is, maak seker oor die volgorde van die nummers. Die eerste nommer wat jy bel, moet kan reageer as daar probleme is.
- Jou eie plaaswerkers kan jou ook van baie inligting voorsien. Behou goeie

betrekkinge met hulle en sorg dat jy luister as hulle praat. Sorg ook dat hulle weet hulle kan op jou staatmaak as daar probleme by hulle is, maar netso moet jy seker wees dat hulle jou sal kom help as jy in die moeilikheid is. Maak seker dat die arbeiders jou sal inlig as daar verdagte mense op die plaas of in die omgewing rondbeweeg.

- Indien vreemdelinge sonder afspraak opdaag, moet daar 'n protokol in plek wees oor hoe die mense hanteer moet word. Sorg dat die res van die familie en die huis- en tuinwerkers ook weet hoe hulle hanteer moet word.
- Moet nooit vir enige vreemdelinge sommer die hek of deure oopmaak nie. Sonder dat die nodige identifikasie vertoon word en sonder dat die identifikasie geverifieer is, moet daar nie vir die mense toegang tot die perseel of huis gegee word nie. Soveel te meer nie saans nie. Daar is soms instansies wat jou ongenooid besoek, soos byvoorbeeld Eskom. Weet hoe om hulle te identifiseer en te hanteer. Maak seker dat hulle voertuie reg gemerk is en gaan verseker hul identifikasiedokumente na. Probeer so ver as moontlik sorg dat besoekers 'n afspraak maak voor hulle jou kom besoek.
- Indien daar aksieplanne in plek is, moet dit op 'n gereelde basis geoefen word. Laat die bure weet wat gedoen gaan word en oefen ook saam met die gemeenskap om die oorhoofse veiligheidsplan glad te kan laat werk. Oefen ook om jou skietkuns en selfverdediging in plek te hou.
- Moenie net uitgaan as die honde begin blaf nie. Kyk eers by die vensters uit – miskien wag die booswigte vir jou buite die deur. Net so ook as iemand klop. Kyk eers deur die loergaatjie en hou die veiligheidsdeur gesluit as die deur oopgemaak word.

Daar behoort aan die volgende aandag gegee te word om jou eie veiligheid te verseker:

- Met goeie en betroubare inligting kan en kon baie ernstige geweldsmisdad-insidente voorkom word. As daar verdagte persone of voertuie opgemerk word, lig die omgewing en veral die Polisie in en hou rekord van hul bewegings. Weet hoe om verdagtes te benader. Onthou hulle kan gewapen wees en wil dalk iemand leed aandoen. Gebruik die

tegnologie tot jou beskikking en neem foto's van hulle en van die voertuie.

- Probeer om jou huis en belangrike punte met 'n goeie heining te omring. Vir sigbaarheid is 'n heining beter as 'n muur. Die heining hoef nie noodwendig geëlektrifiseer te wees nie, maar moet jou eie honde binne hou.
- Diere is 'n goeie afskrikmiddel en kan jou vroegtydig waarsku. Dink aan honde binne die huis, asook honde wat buite bly. Onthou ook dat honde oud word en met ouderdom neem hul effektiwiteit af. 'n Kombinasie van beide honde en ganse is 'n goeie metode om jou vroegtydig te waarsku.
- Die hekke in die heining moet ten alle tye gesluit bly. Maak ook seker dat jy nie jou lewe in gevaar stel deur die hek oop te maak of te sluit nie. 'n Sekuriteitskamera by die hek en 'n elektriese hek sal baie help om jou te beveilig.
- Digte bosse is 'n goeie plek waar booswigte kan weggroep. Sorg dat daar nie sulke plekke is nie en let veral daarvoor op in die tuin. Maak ook seker dat die area rondom die hekke, plaasafdraaie en T-aansluitings oop en skoon gesny is, sodat daar nie weggroepplek is nie.
- Maak seker dat die alarmstelsel en veiligheidsligte in 'n werkende toestand is. Maak seker dat die veiligheidsligte weg van die huis af in die oë van die booswigte sal skyn. Sodoende sal dit vir die booswigte moeilik wees om te sien wat in die huis aan die gang is.
- By die huis en kantoor se deure moet daar altyd veiligheidshekke wees en die hekke moet gesluit bly. Oorweeg die aanbring van toeslaanslotte om die hek mee te sluit. Vensters moet ook deur effektiewe diewerping beskerm word.
- 'n Veiligheidshek in die huis wat die leefarea en slaapkamers skei, is belangrik en moet in die nag gesluit word. Beplan egter ook 'n ontsnaproete vir as daar dalk 'n brand in die huis is wat die ingange versper.
- Die slaapkamers moet verkieslik met 'n brandblosser en 'n noodkommunikasiesstelsel toegerus wees. 'n Versteekte radio of gelaaiende ander selfoon is 'n baie goeie alternatief.
- As jy oor 'n vuurwapen beskik, maak seker dat jy weet hoe om die wapen te gebruik en wanneer om dit te doen. Sorg dat jy die wapen in geval van nood

maklik kan bekom. Maak seker dat die ander lede van die familie ook weet waar die wapens is en hoe dit gebruik moet word.

- Bêre ander wapens op strategiese plekke om jousef mee te kan verdedig. 'n Mes op 'n strategiese plek mag dalk handig te pas kom. Dink kreatief.
- Maak seker dat jy beheer oor jou motorvoertuigsleutels het. Bêre dit verkieslik op 'n plek wat gesluit kan word of so nie, bêre dit op meer as een plek in die huis. Moet verkieslik nie die sleutel en sy spaarsleutel op dieselfde plek bêre nie. As daar 'n probleem is, sal die booswigte eers die sleutels moet soek voor hulle met jou voertuie kan vlug.
- Booswigte gebruik gewoonlik die plaas se eie gereedskap om toegang tot die huis te verkry. Maak seker dat die store en gereedskapkamers in die aande gesluit is. Maak seker dat veral die hoeksnyers en snyvlamme agter slot en grendel in hul eie kaste gebêre word. Moenie die gereedskapkamer of -kas se sleutel bo-op die deur se kosyn bêre nie – dit is die eerste plek waar die booswigte soek.
- In die geval van 'n ernstige geweldsinsident, is die kans baie goed dat iemand kan seerkry. Sorg dat jy weet hoe om noodhulp toe te pas en sorg dat daar 'n toegeruste noodhulpkas beskikbaar is. Die noodhulpkissie moet verkieslik

in die kamergedeelte van die huis gebêre word.

- Roetine kan maklik teen jou gebruik word. As jy altyd 'n sekere roetine volg, kan booswigte dit teen jou gebruik. Stop jy altyd op dieselfde plek as jy van die dorp af kom? Booswigte kan jou maklik hier inwag. Maak seker dat daar meer as een plek is waar jy stop. Moenie dink as jy van die kerk af kom dat jy vrygestel is van 'n moontlike geweldsinsident nie. Inteendeel, jy is gewoonlik dan 'n sagte teiken.
- Jou plaaswerkers moet weet dat jy nie kontant op die werf het nie. Hulle moet ook verkieslik elektronies betaal word en slegs in uiterste gevalle moet kontant hanteer word. Probeer die verkoop van veral vee aan die publiek vanaf jou plaas tot die minimum te beperk.
- Leer jousef om op fyn detail te konsentreer. Lê daar nie dalk 'n leë koeldrankblikkie rond nie of is daar nie dalk sigaretstompies by die hek nie? Hierdie kan tekens wees dat moeilikheid dalk op pad is. Indien jou honde vergiftig is, maak dadelik ander planne, byvoorbeeld deur ganse te kry en skerp die ander veiligheidsmaatreëls baie op. Berei jousef voor, want daar kan dalk moeilikheid kom.

Weet wat is jou regte.

- Dit is vir jou as produsent belangrik om

aan die regte kant van die wet te bly. Vergewis jousef wanneer geskiet mag word, wanneer iemand gearreesteer mag word, hoe die gearreesteerde behandel moet word en wat alles as bewyse beskerm moet word. Dit help jou niks dat jy die booswig vang, maar hy kom vry op tegniese punte nie. Nog erger: Jy word dalk ook gearreesteer omdat jy die wet oortree het.

- Weet ook wie jy nie toegang tot die plaas mag weier nie. Reël met die betrokke instansies dat hulle altyd met jou as eienaar 'n afspraak sal maak oor waar en wanneer hulle jou en jou werkers sal kom besoek. In die laatmiddag en aande moet jy uiters versigtig wees.
- Die aanbring van plaasprotokolborde (kennisgewings) is ook aan te beveel ten einde toegangsbeheer te vergemaklik. Dit is egter belangrik dat daar reëls op jou eiendom van toepassing is en dat jou werknemers en hul besoekers kennis dra van die inhoud van hierdie reëls.

Plaasveiligheid is en sal altyd jou verantwoordelikheid bly. Dit is per slot van rekening jy wat die spit gaan afbyt. Maak moeite daarmee, oefen dit in en pas die planne aan. Al die georganiseerde landbou-organisasies en plaaslike Polisie kantore het 'n volledige sekuriteitsplan. Kontak hulle gerus vir meer inligting. So nie, kan die outeur gekontak word by 082 759 2991. ■



Graan SA/Sasol Chemicals (Kunsmis) Fotokompetisie – Hester Marx 2013

▲ Probeer om jou huis en belangrike punte met 'n goeie heining te omring. Vir sigbaarheid is 'n heining beter as 'n muur. Die heining hoef nie noodwendig geëlektrifiseer te wees nie, maar moet jou eie honde binne hou.

VENNOOTSKAPPE BELANGRIK

vir sosio-maatskaplike ontwikkeling op platteland

RUTH SCHULTZ, SA Graan/Grain medewerker

“Uit 'n persepsiestudie-opname wat Agri SA onder 'n verteenwoordigende groep van Suid-Afrika se verbruikersgemeenskap laat doen het, het begrip en waardering vir die landbou duidelik na vore gekom, maar daar is tog 'n siening dat produsente meer kan doen om landelike ontwikkeling te ondersteun.”

Mnr Johannes Möller het dié resultaat met kongresgangers tydens die lewering van sy presidentsrede gedeel by verlede jaar se Agri SA-kongres wat op 15 en 16 Oktober net buite Pretoria plaasgevind het. “Op die sosiaal-maatskaplike ontwikkelingsterrein is daar 'n groot behoefte wat dringend aangespreek moet word om 'n stabiele omgewing vir die volhoubare beoefening van die bedryf te skep.

“Sukses lok gewoonlik ondersteuning. Daar is groot potensiaal om op hierdie terrein vennootskappe te vorm omdat armoede en ongelykhede 'n reuse uitdaging vir alle ernstige rolspelers in ons samelewing en ekonomie is óf behoort te wees. Sodoende kan ons waarskynlik ook meer hulpbronne vir ontwikkeling help ontsluit en waar daar gapings is, leiding verskaf,” was sy woorde.

'n Agtpunt sosio-maatskaplike ontwikkelingstrategie vir landbou is deur mnr Christo van der Rheede (adjunk-uitvoerende direkteur: Agri SA) aan die kongres voorgehou waardeur die georganiseerde landbou saam met vennote 'n groter impak op hierdie sensitiewe terrein kan maak. Vir inklusiewe groei is sake-ontwikkeling, mense-ontwikkeling, voedselsekerheid en eienaarskapsekuriteit nodig.

Luidens 'n Agri SA persversklaring sal die sukses van dié strategie afhang van die vermoë van Agri SA om vennootskappe met alle rolspelers in die waardeketting te vestig. “Talle projekte wat reeds onderneem word se impak kan veelvoudig vergroot word as dit beter belyn en gekoördineer word. Agri SA sal hulleself as 'n koördineerder vestig om dit te bereik,” het Van der Rheede gesê. Vir meer inligting oor dié strategie, besoek gerus Agri SA se webtuiste by www.agrisa.co.za.

Mnr Senzeni Zokwana (Minister van Landbou, Bosbou en Visserye) wat kongresgangers op die eerste dag toegesprek het, sê dat

volgens STATS-SA (GHS 2014) ervaar ongeveer 14,1 miljoen Suid-Afrikaners onvoldoende of ernstige onvoldoende toegang tot voedsel.

“Toenemende vlakke van absolute armoede is aangeteken in die Oos-Kaap. Sowat 74% van die mense in die Oos-Kaap leef onder die broodlyn van R800 of minder per maand. In Alfred Nzo leef ongeveer 40% van die bevolking onder die broodlyn, terwyl sowat 44,7% van die mense werkloos bly. Hierdie syfers is regtig kommerwekkend en het implikasies in die hoër afhanklikheid van maatskaplike bystand in die vorm van toelaes,” aldus Zokwana.

Hy sê die doel van verlede jaar se Wêreldvoedseldag was om bewusmaking te skep deur te fokus op die rol wat huishoudings kan speel in die uitwissing van armoede en hongersnood, wat voedselsekerheid vir almal sal skep. “Voedselproduksie moet gebeur in harmonie met die produksie van natuurlike hulpbronne. Indien ons die omgewing bewaar en voed, sal die omgewing in ruil daarvoor vir ons sorg.”

Volgens Zokwana het Brasilië, Rusland, Indië en China (die Bric-lande) se ministers tydens die Brics-konferensie in Rusland saamgestem dat beide armoede en voedselonsekerheid aangespreek moet word deur middel van 'n kombinasie van sosiale veiligheidsnetten en -maatreëls wat daarop gemik is om landbouvolhoubaarheid te verhoog.

“Verder het die ministers ook ingestem dat investering in 'n sosiale beskermingstelsel as 'n kritiese katalisator sal dien vir inklusiewe groei en volhoubare ontwikkeling. Die bevordering van die vestiging van meer omvattende voedsame sosiale beskermingsprogramme is nodig en laastens is daar ook ooreengekom dat die bekendstelling van die nuwe ontwikkelingsbank as 'n kragtige instrument kan dien vir die finansiering van infrastruktuur-ontwikkelingsprojekte in die landbousektor.”

Hy het die belangrikheid van openbare/privaatsektorvennootskappe beklemtoon om sodoende die vermeerderde investering wat in die waardeketting nodig is, te ondersteun.



1: Graan SA se afgevaardigdes wat die Agri SA-kongres bygewoon het, is: Voor: Jan Grey (hoofbestuurslid), Andries Theron (visevoorsitter), Louw Steytler (voorsitter), Victor Mongoato (visevoorsitter), Willem Groothof (hoofbestuurslid) en Theo Ferreira (hoofbestuurslid). Agter: Israel Motlhabane (hoofbestuurslid), Cobus van Collier (hoofbestuurslid), Jaco Breytenbach (hoofbestuurslid), Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder), Chris Schoonwinkel (hoofbestuurslid) en Jaco Minnaar (hoofbestuurslid).



2: Kongressessies is afgewissel met interaktiewe vraesessies waar afgevaardigdes hul stem kon laat hoor deur hul antwoorde op landbou- verwante vrae op 'n elektroniese handstuk in te sleutel. 93% van kongresgangers het ingestem dat 'n nasionale sosio-ekonomiese strategie nodig is vir landbou. Dié vraesessies is gelei deur Omri van Zyl (aangewese uitvoerende hoof: Agri SA).


3: Desmond Els (korporatiewe bestuurder: Vloot en Verhurings, Nissan SA) en Japie Grobler (voorsitter: Agri Securitas Trustfonds) besig om 'n ooreenkoms te teken tydens die kongres. Dié ooreenkoms bepaal dat vir elke Nissan-voertuig (met 'n spesifieke serienommer) wat in die landelike gebiede verkoop word, R1 500 terug belê sal word in die Agri Securitas Trustfonds om aangewend te word deur georganiseerde landbou vir veiligheidstoerusting.

4: Minister Senzeni Zokwana het sy toespraak afgesluit met 'n aanhaling van oudpresident Nelson Mandela: "Armoede is mensgemaak en kan oorkom en uitgewis word deur die aksies van mense." ■



Hou die Maart-uitgawe van SA Graan/Grain dop vir ons spesiale fokus op saad. In die uitgawe sal daar ook 'n fokus op dieregesondheid wees.

Belangstellende adverteerders kan vir Jurgen van Onselen kontak by 082 417 3874 of 021 976 4482. ■



Saam met dié uitgawe van SA Graan/Grain word die landbou-naslaangids, Graangids, uitgepos – 'n bêreboek wat op die boekrak naby aan die telefoon hoort. ■

Dien daardie siektes 'n nekslag toe!

Dis al in die 1930's wetenskaplik bewys dat kieme en kankerselle deur resonansiegolwe vernietig kan word en dit kan vir mens en dier aangewend word.

Met die spesiale antenna-mat word die instrument byvoorbeeld op 'n koei wat mastitis het se rug gedrapeer. Varkprodusente gebruik dit met groot sukses in varkhokke om die mortaliteit van klein varkies dramaties te verminder. Dit is uitstekend om perdesiektes te beheer.

'n Resonator met 'n ingeboude battery kos slegs R7 500. Hierdie instrument betaal homself binne 'n paar maande.

Besoek die volgende webwerwe vir meer inligting: www.riferesonator.com en www.rifehealth.co.za of skakel Rife Health by 082 659 2547.



Pluspunte wat winste OPTEL

Mielies + Sojas + nou ook: Pioneer Sonneblomme



Plus, met Pioneer produkte,
kry jy die **opbrengs** waarmee
jy reeds vertrou is
P65LL02



Tel: +27 12 683 5700 | www.pioneer.com

© 2013 PHS.
Die DuPont Oval Logo is 'n geregistreerde handelsmerk van DuPont.
P, PH, PHH. Geregistreerde handelsmerk van Pioneer.



YieldGard® en Roundup Ready®
is geregistreerde handelsmerke
en gelsensieer deur Monsanto BPK.





Protein Research Foundation celebrates a quarter-century of milestones

RUTH SCHULTZ, SA *Graan/Grain* contributor

South Africa managed to exceed the one million ton mark with regards to soybean production in 2014/2015. This milestone could not have come in a better year, celebrating the Protein Research Foundation's (PRF) 25 year anniversary.

Mr Gerhard Scholtemeijer (chairman: PRF) highlighted one of the more recent PRF milestones during one of the foundation's 25 year anniversary celebratory functions, held at the Protea Hotel Fire and Ice in Pretoria on 8 October 2015. Scholtemeijer took guests back to the origins of the PRF, as far as 1973, although the PRF was only inaugurated in 1990. The full 25 year story of the foundation is currently being put together in a special commemorative coffee table book.

Some of the other more recent goals achieved over the past 18 months that guests shared a toast to was the fact that South Africa produced more than 50% of its own protein requirements for animal nutrition during 2014. 'We are aiming to see self-sufficiency in 2020 or very soon after that,' Scholtemeijer said.

Another more recent highlight was the canola industry that managed to produce 121 000 tons of canola on 95 000 ha in 2014. 'All these goals fit in to the PRF's main aim

which is to replace imported protein for animal nutrition with locally produced protein,' he said.

Many contributing to the PRF success story

Not only board members and staff contribute to the success story of the PRF, but the PRF also thanked their collaborators and supporters in the agricultural industry for all their hard work over the past 25 years. Several researchers who have come a long way with the PRF received recognition during the special evening.

Prof Gert Krüger, previously associated with the Unit for Environmental Sciences and Management at the North-West University, received an achievement award for an article he wrote together with other authors, that was published in the *South African Journal of Botany* in 2014, entitled: 'Inhibition of Photosystem II activities in soybeans (*glycine max*) genotypes differing in chilling sensitivity'. This article was singled out as the best article in a scientific journal in 2014.

The PRF bestowed its highest honorary award on Dr Daniel Ploper from the Estación Experimental Agroindustrial Obispo Colombres (EEAOC), Argentina and his colleague, Mr Mario Devani, for pioneering work that has been done towards promoting the

South African soybean industry as well as for their ongoing support and always being willing to share their knowledge.

'Ploper was the chairman of the Continuing Committee at the World Soybean Research Conference (WSRC) IX/2013. He is also the chief executive of their research station in Tucuman and a plant pathologist by training. Mr Mario Devani is one of the most knowledgeable soybean seed breeders we have ever met.

'Some of EEAOC's cultivars were tested in the Elite Trials in South Africa. These performed very well indeed and the first of their cultivars were registered in South Africa in 2014,' Scholtemeijer said.

Recognition was also given to Dr Rudolph Bigalke, the first Chairman of the PRF. 'Bigalke served on the Board as chairman from 1990 to 2000, a period during which virtually every step the PRF took was new.

'To us as board members, who served with Bigalke, he was always a real gentleman, wise and very knowledgeable and we all looked up to him with great respect. We wish to thank him for the very sound foundation with which we could carry on after his retirement in 2000,' Scholtemeijer said. ■



▲ 1: Prof Gert Krüger, second from left, received a PRF achievement award for best article in a scientific journal in 2014. Gerhard Scholtemeijer, left, handed over this award to him. With them are Andries Theron (vice chairman: PRF) and Gerhard Keun (chief executive officer: PRF).



▲ 2: Dr Daniel Ploper (second from left) and Mario Devani (right) receiving their honorary awards from the PRF. With them are Gerhard Scholtemeijer, Andries Theron and Gerhard Keun.



▲ 3: Dr Gawie Bredell (one of the first PRF Board members) with Gerhard Scholtemeijer and Dr Rudolph Bigalke. Scholtemeijer presented Bigalke with a well-earned award for his extraordinary leadership during the time he served as chairman of the PRF.

WIELE

vir die plaas



GERRIE SMIT, lid van die SA Motorskrywersgilde

Ford Everest: Die nuwe maatstaf in die SNV-mark

In September verlede jaar het Ford SA hulle nuwe Everest bekendgestel. Die nuwe Ford Everest is volkome nuut en is nie net bloot 'n kosmetiese verbetering van die vorige generasie Everest, wat in 2009 in Suid-Afrika vrygestel is, nie.

Destyds het SA *Graan/Grain* berig dat die Ford Everest "die arm man se Range Rover" is. Met die nuwe Everest het die spelreëls verander. Waar die Everest eers 'n baie praktiese en goed toegeruste sportiewe nutsvoertuig (SNV) teen 'n aantreklike prys was, is die nuwe Everest soos hy nou is, die nuwe maatstaf vir geharde SNV's.

Met 'n grondvryhoogte van 225 mm en die vermoë om deur 800 mm diep water te gaan, sien die Everest vir enige rowwe terrein kans. Danksy 'n oppervlakte-beheerstelsel met vier verstellings, naamlik "normaal", "gras/gruis", "sand" en "klippe" kan die bestuurder basies net die voertuig stuur terwyl die stelsel die spoed, ratverhouding, die vierwielaandrywing en traksie beheer: Hoë tegnologie gekombineer met gehardheid.

Op die oomblik is daar net twee Everest-modelle vir die Suid-Afrikaanse mark beskikbaar. Die "XLT" en die "Limited". Beide modelle is besonder goed toegerus met hoë tegnologie hulpmiddels soos elektroniese stabiliteitsprogram (ESP), spoedkontrolle en 'n kamera vir agteruit-ry. Hulle is ook albei 4x4-aangedrewe met 3,2 liter, vyfsilinderdieselenjins wat kraglewering van 147 kW teen 3 000 omwentelinge lewer en maksimum wringkrag van 470 Nm, wat reeds tussen 1 750 Nm en 2 500 Nm bereik word.

Hierdie enjin word gekenmerk deur 'n sesspoed outomatiese ratkas, wat 'n sportiewe keuse vir vinnige ratoorskakeling bied, asook 'n keuse om dit as 'n handrat te gebruik. Laasgenoemde is veral nuttig vir sleepwerk. Die Limited is die vlagskip en spog onder andere met 'n derde ry sitplekke en nog meer tegnologie soos parkeerhulp, wat basies beteken dat die Everest Limited outomaties kan parkeer sonder die hulp van die bestuurder.

Die Everest is nie meer die arm man se Range Rover nie. Dit is 'n kwaliteit, geharde SNV. Alhoewel besonder luuks en weelderig binne, is dit 'n geharde SNV wat vir enige terrein kans sien.

Volgens Ford SA sien hulle nie meer die Toyota Fortuner as hul kompeteerder nie, maar mik hulle nou eerder hoër en het die Land Cruiser Prado in hul visier.

Die XLT kos R593 900 en die Limited R646 900. Omdat die Everest nou meeding met die duurder SNV's, is dit net vanselfsprekend dat die Everest ook toegerus moet wees met funksies en tegnologie wat noodwendig geld kos. Die Everest is daarom nie goedkoop nie. Die nuwe Everests bied egter wel waarde vir geld.

Die lys van tegnologie waarmee die Everests spog, is egter te lank vir hierdie artikel, maar gaan vergelyk dit maar gerus met die spesifikasies van 'n Prado of selfs 'n Range Rover en dan skrik jy nie meer vir die Everest se prys nie.

Die Toyota 4x4 Fortuner met sy 3 liter-dieselenjin kos R534 400. Dit is meer as R50 000 goedkoper as die Everest XLT, maar dit kan nie op papier by die Everest kers vashou nie. Die Toyota Land Cruiser Prado 3.0DT TX kos op sy beurt R700 600. Dit is heelwat duurder as die Everest. Die vraag vir die voornemende Prado-koper is of dit nie sin gaan maak om eerder 'n Everest te koop nie? Die Everest wen die Prado met spesifikasies wat saak maak en is goedkoper.

Die Everest is dieselfde grootte as die Prado, maar het hoër grondvryhoogte (225 mm versus 220 mm) en kan deur dieper water beweeg (800 mm versus 700 mm). Die Everest het 470 Nm wringkrag terwyl die Prado "net" 400 Nm kan lewer.

Die Everest het 'n vierjaar/120 000 km waarborg, 'n vyfjaar/100 000 km diensplan en 'n driejaar onbepaalde kilometer padbystanddiens. Diensintervalle is elke 20 000 km. ■

▼ Die Ford Everest is nou een van die gehardste sportiewe nutsvoertuie beskikbaar in Suid-Afrika.



Abacus[®] farmers have reaped the rewards...
have you?



L/5417/BASF

Top South African farmers have testified that with Abacus[®] – the BASF maize & soya AgCelence[®] solution – you get the best return on investment and the best farm management, year after year!

Abacus[®] on maize & soya is not only an excellent disease control solution – you can also expect physiological benefits for the optimum yield. We call it the **AgCelence[®]** effect:

- Increases the plant growth efficiency with better photosynthesis efficiency, better use of nitrogen and increased bio-mass development
- Increases the plant's tolerance to stress in situations such as drought by inhibiting ethylene production

Have you given yourself the AgCelence[®] advantage?

 **BASF**
We create chemistry

Hou die lemme skerp

Beste Grootneef,

Ou Neef, vanmiddag laat het 'n buitjie reën by die bure verbygetrek. Ons kon die reën op die oostewind ruik, maar by ons is dit nog steeds bitter droog. Miskien kry ons vanaand 'n bietjie reën. Of dalk môre.

Die veld is asvaal en die skape kry swaar. Ons voer maar elke dag met laasjaar se mielies, net om die diere deur die ergste te kry. Die skape kom al aangedraf as hul die bakkie sien. Soos die streep mielies val, tel hulle dit pit-vir-pit op. Die ergste is om die hek weer toe te maak, met die trop wat blêr vir nog. Die veld lyk soos winter. Hopelik kom die reën gou.

Ou Neef, 'n goeie vrou, 'n goeie hond en 'n goeie mes is skaars. 'n Mens moet dit mooi oppas. Veral 'n goeie mes moet gekoester word.

'n Mes in die broeksak is naderhand deel van 'n man. So gerusstellende teenwoordigheid met die wete dat 'n onverwagse braai jou nie onverhoeds sal betrap nie. Want met 'n mes in die sak, is jy immer paraat – of dit nou vir naels skoonmaak of biltongkerf is.

Ou Neef, in toeka se dae was my eerste mes 'n BEST. In die volksmond het ons sommer gepraat van 'n "baas ek sny tog!" So 'n swart blikhef met silwer letters op die geriffelde kante. 'n Regte "parraslagter". Met dié BEST-mes is alles van 'n kettiemik tot 'n hond se stert afgesny. Die lem was naderhand so dun soos 'n els geslyp. Later jare het 'n egte Kershaw in my sak beland.

Sonder 'n behoorlike slypsteen, bly 'n mes maar 'n stomp voorwerp. En 'n stomp mes is net so erg soos 'n krip sonder water. Oupa Willem het destyds vir drie dae lank met 'n skeerder uit Lesotho onderhandel vir 'n slypsteen met 'n baie fyn grein. Einde ten laaste, op die dag wat die skeerspan na die volgende plaas versit het, is die transaksie beklink. Een slypsteen vir 'n sjieling en 'n sak mielies! Die slypsteen is as trofee op die suidstoep geplaas en al wat slagmes of knipmes was, is op die steen geslyp.

Die kuns was om 'n handvol water oor die slypsteen te drup, net om die klip en staal mooi met mekaar te versoen. Die mes is dan met duim en voorvinger op dieselfde hoek gehou en met reguit hale oor die steen getrek. Altyd weg van jou, nie heen en weer nie. Wanneer die water op die klip so gryserig geraak het, het jy geweet die klip se grein en die mes se lem praat saam. Die lem kon jy met jou duim voel-voel, tot jy geweet het jou mes is slag gereed!

Geen mes hou daarvan om stomp te wees nie. Vanmelewe tot vandag trek ek maar die lem elke week oor dieselfde slypsteen. Net om seker te maak dat daar nie gesukkel word om 'n skaaptjoppie

vas te keer nie. En as jou vingers lekker vetterig is na 'n vleisie, olie jou mes alkant toe met die vetjie. Vryf dit in en poets dit met jou hoed. Jou mes se hef kry oor jare daardie diep glans en sal jou beloon om sy werk in enige wind of weer te doen.

Met die nuwe jaar in sig, sit en kerf ek vanaand aan 'n laaste 2015-blesbokbiltong. Salig man. Sulke dun skyfies, jy sien amper dwarsdeur. En met vingerpunte op die bekende knobbels van die hef, raak mens eintlik aan 'n tydgleuf van toeka, toe jy as laaitie met dieselfde mes 'n biltongetjie gekerf het. Dis maar net die vingers wat effe ouer voel.

Ou Neef, hou maar daardie knipmes vlymskerp vir 2016. 'n Mens weet nooit vooraf of jy 'n seningbiltong uit die sak van die lewe trek nie. En dan moet jy nie met 'n stomp mes sukkel nie.

Groete op die Oosgrens!

Kleinneef



Lesers is welkom om 'n e-pos aan Kleinneef te stuur by kleinneef@graingrowers.co.za.

doen dit een keer,
en doen dit deeglik



- Een kan, drie aktiewe bestanddele
- Ongeëwenaarde grasbeheer
- Mengbaar met glifosaat

LUMAX®. Die SLIM 3-in-1 beskerming teen onkruid en grasse



LUMAX® bevat mesotrioon (callistemoon), S-metolachlor & terbutielasien (Reg no L8567, Wet Nr 36 van 1947) SKADELIK LUMAX® is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n Syngenta Groep Maatskappy Syngenta Suid-Afrika, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel (011) 541 4000 www.syngenta.co.za
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg van die dokument is voorbehou. Alle ongemagtigde vermeerdering word verbied.



AGRICO Spilpunte & Lineêre Besproeiërs



Met uitstaande standaard eienskappe en verskeie opsies:



Spilpunte word in-huis gegalvaniseer; minimum 100mikron (1.8 keer die ISO 146 standaard). Dit beteken 80% langer lewensverwagting.



"Windsaver" masjiene is stabiel en vir 4 jaar gewaarborg teen omwaai.



"Cablesaver" beperk kabel diefstal. Die kabel loop binne-in die pyp en word nie maklik bygekom nie.



"Autoflush" spoel die spilpunt wanneer die pomp aankom.



Die AGRICO 3-been senter met sy wyë voetspoor is besonder stewig.



AGRICO naatlose diens: Opmeet, ontwerp, vervaardiging, aflewering, oprigting en naverkopediens.

NAVRAE: Alfred Andrag ☎ 082 824 1214 📠 021 950 4111 📞 950 4208 📧 alfred.andrag@agrigo.co.za

VERKOPE EN DIENS MET TAKKE OOR DIE LAND:

- Aliwal-Noord • Bellville • Bethlehem • Bloemfontein • Bothaville • Caledon • Ceres • Cradock • Estcourt • George • Hartswater • Humansdorp • Kakamas • Kimberley • Kroonstad • Lichtenburg • Malmesbury • Moerreesburg • Nelspruit • Nigel • Nylstroom • Pietermaritzburg • Piketberg • Rawsonville • Tzaneen • Upington • Vredendal



*Meer as 100 jaar van diens!
More than 100 years' service!*